Mr. Watkin

THE PROVINCE OF TRANSVAAL

# Official Gazette Extraordinary.

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

# Buitengewone Offisiële Koerant.

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

Vol. CLXXIX.] PRICE 5c. PRETORIA, 18 OCTOBER / 18 OKTOBER 1961. PRYS 5c. [No. 2933.

## PROVINCIAL ADMINISTRATION.

### ADMINISTRATOR'S NOTICE.

The following notice relating to the administration of the Province of the Transvaal is published under the authority of the Administrator for general information.

J. H. O. VAN GRAAN,
Provincial Secretary.

Office of the Administrator of Transvaal, Pretoria.

Administrator's Notice No. 775.] [18 October 1961.

### CARLETONVILLE MUNICIPALITY.—NATIVE ADMINISTRATION REGULATIONS.

The Administrator hereby in terms of sub-section (5) of section *thirty-eight* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, read with section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the following regulations which have been approved by him and the Minister of Native Affairs in terms of sub-section (5) of section *thirty-eight* of the said Act:—

CARLETONVILLE MUNICIPALITY.—NATIVE ADMINISTRATION REGULATIONS.

These regulations are divided as follows:—


| | |
|---|---|
| Definitions | Regulation 1. |
| Chapter I. | |
| Appointment and duties of officers | Regulations 2 to 8. |
| Chapter II. | |
| Locations | Regulations 9 to 40. |
| (*a*) Site Permits, Certificates of Occupation and Housing Loans | Regulations 9 to 18. |
| (*b*) Residential Permits and Tenancies of Municipal Buildings | Regulations 19 to 20. |
| (*c*) Lodgers | Regulation 21. |
| (*d*) Visitors | Regulation 22. |
| (*e*) General Provisions regarding Permits and Presence in Locations | Regulations 23 to 39. |
| (*f*) Dogs and other Animals | Regulation 40. |
| Chapter III. | |
| Hostels and offences in relation thereto | Regulations 41 to 52. |
| Chapter IV. | |
| Communal Halls | Regulations 53 to 67. |
| Chapter V. | |
| Control of Sprouted Grain and Yeast | Regulations 68 to 70. |
| Chapter VI. | |
| Trading Regulations | Regulations 71 to 94. |
| Chapter VII. | |
| Public Meetings and Assemblies | Regulations 95 to 103. |
| Chapter VIII. | |
| General and Supplementary:— | |
| Appeals | Regulation 104. |
| Offences, General | Regulation 105. |
| Penalties | Regulation 106. |


*Definitions.*

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

"Act" means the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (No. 25 of 1945), as amended;

A—1820727

## PROVINSIALE ADMINISTRASIE.

### ADMINISTRATEURSKENNISGEWING.

Onderstaande kennisgewing wat betrekking het op die administrasie van die Provinsie Transvaal word op gesag van die Administrateur vir algemene inligting gepubliseer.

J. H. O. VAN GRAAN,
Provinsiale Sekretaris.

Kantoor van die Administrateur van Transvaal, Pretoria.

Administrateurskennisgewing No. 775.] [18 Oktober 1961.

### MUNISIPALITEIT CARLETONVILLE.—NATURELLE-ADMINISTRASIEREGULASIES.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge die bepalings van subartikel (5) van artikel *agt-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, gelees met artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die volgende regulasies wat deur hom en die Minister van Naturellesake goedgekeur is ingevolge die bepalings van subartikel (5) van artikel *agt-en-dertig* van genoemde wet:—

MUNISIPALITEIT CARLETONVILLE.—NATURELLE-ADMINISTRASIEREGULASIES.

Hierdie regulasies is as volg verdeel:—


| | |
|---|---|
| Woordomskrywing | Regulasie 1. |
| Hoofstuk I. | |
| Aanstelling en pligte van amptenare | Regulasies 2 tot 8. |
| Hoofstuk II. | |
| Lokasies | Regulasies 9 tot 40. |
| (*a*) Terreinpermitte, Sertifikate van Okkupasie en Behuisingslenings | Regulasies 9 tot 18. |
| (*b*) Woonpermitte en verhuring van munisipale geboue | Regulasies 19 tot 20. |
| (*c*) Loseerders | Regulasie 21. |
| (*d*) Besoekers | Regulasie 22. |
| (*e*) Algemene bepalings betreffende permitte en aanwesigheid in lokasies | Regulasies 23 tot 39. |
| (*f*) Honde en ander diere | Regulasie 40. |
| Hoofstuk III. | |
| Tehuise en oortredings in verband daarmee | Regulasies 41 tot 52. |
| Hoofstuk IV. | |
| Gemeenskapsale | Regulasies 53 tot 67. |
| Hoofstuk V. | |
| Beheer oor uitgeloopte graan en suurdeeg | Regulasies 68 tot 70. |
| Hoofstuk VI. | |
| Handelsregulasies | Regulasies 71 tot 94. |
| Hoofstuk VII. | |
| Openbare vergaderings en byeenkomste | Regulasies 95 tot 103. |
| Hoofstuk VIII. | |
| Algemeen en aanvullend:— | |
| Apèlle | Regulasie 104. |
| Algemene misdrywe | Regulasie 105. |
| Strafbepalings | Regulasie 106. |


*Woordomskrywing.*

1. In hierdie regulasies, tensy die sinsverband anders aandui, beteken—

„Adviserende Komitee", die Adviserende Naturellekomitee wat kragtens hierdie regulasies vir enige lokasie ingestel is;

"accommodation", in relation to a Native hostel, means the right to occupy a bed in the hostel together with the use of such communal sanitary conveniences, kitchens, ablution and clothes washing facilities and other services as may be provided; and "accommodated" has a corresponding meaning;

"Advisory Board" means the Native Advisory Board established for any location in terms of these regulations;

"authorised employee" means any employee of the Council acting within the scope of his authority;

"building permit" means a permit issued in terms of sub-regulation (3) of regulation 10;

"building site permit" means a permit issued in terms of sub-regulation (1) of regulation 9;

"certificate" means a certificate of occupation issued in terms of sub-regulation (3) of regulation 12;

"committee" means the committee constituted by the Council for the purpose, which need not be the sole purpose of managing, controlling and administering the Act and non-European affairs generally within the urban area;

"Council" means the Town Council of Carletonville;

"customary union" means a customary union as defined in the Native Administration Act, 1927;

"engineer" means the person for the time being lawfully acting in the capacity of town engineer of the Council and includes an assistant town engineer, the person for the time being lawfully acting in the capacity of electrical engineer of the Council, and an assistant electrical engineer;

"family" in relation to a permit or certificate holder means—

(*a*) the wife and all unmarried children under the age of 18 years of such holder;

(*b*) all unmarried or widowed daughters of such holder and their children under the age of 18 years residing with the said holder; and

(*c*) any parent or grand parent of such holder or of the wife of such holder who by reason of old age, debility or any disability is dependent on such holder.

"grantee" means a person to whom a certificate has been issued;

"hall", in relation to communal halls, means a hall provided by the Council for the use of the inhabitants of a location;

"hirer", in relation to halls, means a person whose application for the hire or use of a hall has been granted whether against payment of a tariff charge or *gratis*, and "hire" has a corresponding meaning;

"holder" means a person to whom a site or residential permit has been issued;

"hostel superintendent" means an officer appointed by the Council and licensed in terms of sub-section (1) of section *twenty-two* of the Act to manage a Native hostel in terms of these regulations and in accordance with such lawful instructions as he may from time to time receive from the Council or the manager;

"location" means an area defined and set apart as a location or Native village, or as an extension of a location or Native village, by the Council with the approval of the Minister in terms of paragraph (*a*) or (*b*) of sub-section (1) of section *two* of the Act;

"manager" means the person appointed by the Council and licensed in terms of section *twenty-two* of the Act to manage the Council's Department of Native Administration;

"marriage" means a marriage as defined in the Native Administration Act, No. 38 of 1927, as amended;

"medical officer of health" means the person for the time being lawfully acting in the capacity of medical officer of health of the Council, and includes an assistant medical officer of health;

„besoeker", met betrekking tot 'n lokasie, enigiemand wat nie wettiglik woonagtig is nie in die lokasie waar hy gevind word: Met dien verstande dat die volgende persone as uitgesluit uit dié woordomskrywing beskou word:—

(*a*) Werknemers van die Raad wat volgens hulle plig handel;

(*b*) lede van die Suid-Afrikaanse Polisie wat volgens hulle plig handel;

(*c*) geregistreerde geneeshere, verpleegsters en vroedvroue in die uitoefening van hulle beroep;

(*d*) staatsamptenare, vrederegters en hofbodes en hulle behoorlik gemagtigde plaasvervangers wat volgens hulle plig handel;

„bestuurder", die persoon deur die Raad aangestel en kragtens artikel *twee-en-twintig* van die wet gelisensieer om die Raad se Afdeling Naturelle-administrasie te bestuur;

„boupermit", 'n permit wat kragtens subregulasie (3) van regulasie 10 uitgereik is;

„bouterreinpermit", 'n permit wat kragtens subregulasie (1) van regulasie 9 uitgereik is;

„gebruiklike verbinding", 'n gebruiklike verbinding soos omskryf in die Naturelleadministrasie-Wet, 1927;

„gemagtigde werknemer", enige werknemer van die Raad wat binne die omvang van sy opdrag optree;

„geneeskundige gesondheidsbeampte", die persoon wat tydelik wettiglik in die hoedanigheid van geneeskundige gesondheidsbeampte van die Raad optree, en omvat 'n geneeskundige assistent-gesondheidsbeampte;

„geproklameerde gebied", 'n gebied wat kragtens artikel *drie-en-twintig* van die Wet geproklameer is en ten opsigte waarvan die Raad by Proklamasie die bevoegdhede daarin gespesifiseer moet uitoefen;

„geregistreerde bewoner"—

(*a*) die permit- of sertifikaathouer ingevolge hierdie regulasies; en

(*b*) die vrou van 'n permit- of sertifikaathouer wat in paragraaf (*a*) vermeld word, as sodanige vrou kragtens sodanige permit- of sertifikaathouer se permit of sertifikaat toegelaat word om in die betrokke lokasie te woon.

„gesin", met betrekking tot die houer van 'n permit of sertifikaat—

(*a*) die vrou en alle ongetroude kinders onder die ouderdom van 18 jaar van sodanige houer;

(*b*) alle ongetroude of weduweedogters van sodanige houer wat by sodanige houer woon en hulle kinders onder 18 jaar; en

(*c*) enige ouer of grootouer van sodanige houer of van die vrou van sodanige houer wat weens hoë ouderdom, swakheid of enige ander ongeskiktheid, van sodanige houer afhanklik is.

„handelaar", enige Naturel wat enige wettige ambag, bedryf of beroep met die goedkeuring van die Raad in 'n lokasie beoefen;

„handelsterrein", enige terrein, tafel, kraampie of stalletjie wat kragtens regulasie 71 vir toewysing aan Naturelle vir handel- of besigheidsdoeleindes opsy gesit is;

„handelsterreinpermit", 'n permit wat kragtens subregulasie (2) van regulasie 72 uitgereik is;

„huisvesting", met betrekking tot 'n Naturelletehuis, die reg om 'n bed in die tehuis te gebruik, tesame met die gebruik van sodanige gemenskaplike sanitêre geriewe, kombuise, reinigings- en klerewasfasiliteite en ander dienste wat verskaf word, en „gehuisves" het 'n ooreenstemmende betekenis.

„huurder", met betrekking tot sale, iemand wie se aansoek om die huur of gebruik van 'n saal vergun is, hetsy by betaling van tariefkoste of *gratis*; en „huur" het 'n ooreenstemmende betekenis;

„huwelik", 'n huwelik soos omskryf in die Naturelle-administrasie-Wet, No. 38 van 1927, soos gewysig;

" Minister " means the Minister of Bantu Administration and Development;

" Native hostel " or " hostel " means a Native hostel as defined in the Act;

" proclaimed area " means the area proclaimed in terms of section *twenty-three* of the Act and in respect of which the Council has been required by proclamation to exercise the powers specified therein;

" registered occupier " means—

(*a*) the holder or grantee under these regulations; and

(*b*) the wife of such a holder or grantee as is referred to in paragraph (*a*) if such wife is by virtue of such holder's permit or grantee's certificate permitted to reside in the location concerned;

" resident ", in relation to a hostel, means a Native who is accommodated in a hostel;

" residential permit " means a permit issued in terms of sub-regulation (1) of regulation 19;

" site permit " means a permit issued in terms of sub-regulation (1) of regulation 11;

" superintendent " means the person appointed by the Council and licensed under the provisions of sub-section (1) of section *twenty-two* of the Act for the management of a location;

" trader " means any Native who is carrying on any lawful trade, business or occupation in a location with the approval of the Council;

" trading site " means any site, table, stand or stall set aside in terms of regulation 71 for allotment to Natives for trading or business purposes;

" trading site permit " means a permit issued in terms of sub-regulation (2) of regulation 72;

" urban area " means the urban area of Carletonville;

" visitor ", in relation to a location, means any person who is not lawfully resident in the location where he is found: Provided that the following persons shall be deemed to be excluded from this definition:—

(*a*) Employees of the Council acting in the course of their duty;

(*b*) members of the South African Police acting in the course of their duty;

(*c*) registered medical practitioners, nurses and midwives in the exercise of their profession;

(*d*) officers of the public service, sheriffs and messengers of the Court and their duly appointed deputies acting in the course of their duties.

## CHAPTER I.

### Appointment and Duties of Officers.

*Manager and Superintendents.*

2. (1) The Council may in terms of the provisions of section *twenty-two* of the Act, appoint an officer, known as the manager to manage the Council's Department of Native Administration generally and may likewise appoint a deputy and an assistant to such an officer. All instructions affecting that department and which may be issued from time to time by the Council shall be transmitted to the relative officer by the manager or in his absence by his deputy or assistant.

(2) The Council shall in terms of section *twenty-two* of the Act appoint an officer known as the superintendent for the management and control of the location, and for the carrying out of any services required by the Act or these regulations to be performed by the Council.

(3) The superintendent shall reside at a place approved by the Council.

(4) The Council shall appoint such officers or other persons as it deems necessary to assist the superintendent in the administration of these regulations.

*Superintendent's Report.*

3. The superintendent shall, when required to do so by the Council or the manager submit a report, in writing, on the conditions and management of the location under

„ ingenieur ", die persoon wat tydelik wettiglik in die hoedanigheid van dorpsingenieur van die Raad optree, en omvat 'n assistent-dorpsingenieur, die persoon wat tydelik wettiglik in die hoedanigheid van elektriese ingenieur van die Raad optree, en 'n elektriese assistent-ingenieur;

„ inwoner ", met betrekking tot 'n tehuis, 'n Naturel wat in 'n tehuis gehuisves is;

„ komitee ", die komitee wat deur die Raad saamgestel is vir die doel, wat nie die enigste doel hoef te wees nie, om die Wet en nie-blanke sake in die algemeen binne die stadsgebied te bestuur, te beheer en te administreer;

„ lokasie ", 'n gebied deur die Raad, met die goedkeuring van die Minister kragtens paragraaf (*a*) of (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Wet, as 'n lokasie of Naturelledorp of as 'n uitbreiding van 'n lokasie of Naturelledorp afgebaken en opsy gesit;

„ Minister ", die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling;

„ Naturelletehuis " of „ tehuis ", 'n Naturelletehuis soos in die Wet omskryf;

„ permithouer ", iemand aan wie 'n terrein- of woonpermit uitgereik is;

„ Raad ", die Stadsraad van Carletonville;

„ saal ", met betrekking tot gemeenskapsale, 'n saal deur die Raad verskaf vir die gebruik van die inwoners van 'n lokasie;

„ sertifikaat ", 'n sertifikaat van okkupasie wat kragtens subregulasie (3) van regulasie 12 uitgereik is;

„ sertifikaathouer ", iemand aan wie 'n sertifikaat uitgereik is;

„ stadsgebied ", die stadsgebied van Carletonville;

„ superintendent ", die persoon deur die Raad aangestel en ingevolge die bepalings van subartikel (1) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet vir die bestuur van 'n lokasie gelisensieer;

„ tehuissuperintendent ", 'n amptenaar deur die Raad aangestel en ingevolge subartikel (1) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet gelisensieer om 'n Naturelletehuis te bestuur kragtens hierdie regulasies en ooreenkomstig sodanige wettige opdragte as wat hy van tyd tot tyd van die Raad of bestuurder ontvang;

„ terreinpermit ", 'n permit wat kragtens subregulasie (1) van regulasie 11 uitgereik is;

„ Wet ", die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig;

„ woonpermit ", 'n permit wat kragtens subregulasie (1) van regulasie 19 uitgereik is.

## HOOFSTUK I.

### Aanstelling en Pligte van Amptenare.

*Bestuurder en superintendente.*

2. (1) Die Raad kan kragtens die bepalings van artikel *twee-en-twintig* van die Wet 'n amptenaar, bekend as die bestuurder, aanstel om die Raad se Afdeling Naturelle-administrasie in die algemeen te bestuur, en kan insgelyks 'n adjunk en 'n assistent vir so 'n amptenaar aanstel. Alle instruksies wat dié afdeling raak en wat van tyd tot tyd deur die Raad uitgereik word, moet deur die bestuurder of in sy afwesigheid deur sy adjunk of assistent aan die betrokke amptenaar gegee word.

(2) Die Raad moet kragtens artikel *twee-en-twintig* van die Wet 'n amptenaar, bekend as 'n superintendent, aanstel vir die bestuur van en beheer oor die lokasie, en vir die uitvoering van enige dienste wat die Raad ingevolge die Wet of hierdie regulasies moet uitvoer.

(3) Die superintendent moet op 'n plek woon wat deur die Raad goedgekeur is.

(4) Die Raad moet sodanige amptenare of ander persone aanstel as wat hy nodig ag om die superintendent in die administrasie van hierdie regulasies by te staan.

*Superintendent se verslag.*

3. Die superintendent moet, wanneer hy deur die Raad of die bestuurder daartoe aangesê word, 'n skriftelike verslag oor die toestande en bestuur van die lokasie onder

his charge. Such report shall be available for inspection by an officer appointed under sub-section (3) of section *twenty-two* of the Act.

*Posting of Regulations and Orders.*

4. (1) A superintendent shall comply with the provisions of sub-section (6) of section *thirty-eight* of the Act in the location under his management.

(2) No person shall deface, remove or tamper with any regulation, notice, order or instruction which the superintendent may have posted at or in his office or in any location.

*Buildings to be Numbered.*

5. (1) The superintendent shall allot to each site in the location under his charge a number and shall cause the number allotted to each site to be legibly painted or inscribed on or affixed in a conspicuous place to the outside of any buildings erected on such site. The superintendent shall at all times cause such numbers to be kept in a legible condition.

(2) No person shall unlawfully obscure, remove, deface, obliterate or destroy such number.

*Entry of premises.*

6. (1) Any officer appointed in terms of sub-section (1) or sub-section (3) of section *twenty-two* of the Act, the medical officer of health or his authorised assistants or any authorised employee of the Council may for any purpose connected with the carrying out of these regulations at all reasonable times enter without previous notice upon any premises, land or dwelling whatsoever in any location and make such examination or enquiry and take such action as he may deem necessary for the performance of his duties.

(2) The superintendent or his authorised assistants may at all reasonable times enter any hut or dwelling or building in the location in which it is suspected upon reasonable grounds that an offence is being committed.

*Record of Refusals.*

7. The superintendent shall keep a record of the names of the persons whose applications for site permits, building site permits, certificates, residential permits or lodgers' permits, have been refused, and the reasons for such refusal.

*Register of Occupiers.*

8. (1) The superintendent shall keep a register (hereinafter referred to as "register of occupiers"). The superintendent shall enter in such register of occupiers the name and full particulars of every person to whom a site, residential or lodger's permit or certificate has, in accordance with these regulations, been issued or granted, and the name of every other person who, in terms of these regulations is permitted by virtue of any site, residential or lodger's permit or certificate to reside in the location shall also be recorded in the register of occupiers.

(2) The appearance of somebody's name in the register of occupiers is *prima facie* proof of the right of such persons to be or to reside in the location.

CHAPTER II.

(A) SITE PERMITS.

*Application for Sites.*

9. (1) Any male person who is the head of a family and is desirous of taking up his residence in the location together with the members of his family and of erecting therein a dwelling shall apply in person to the superintendent for a site.

The superintendent on being satisfied that—

(*a*) a suitable site which has not been reserved by the Council for some other purpose is available in an area set aside for the ethnic group to which the applicant belongs; and

(*b*) the applicant is a fit and proper person to reside in the location; and

(*c*) the applicant is eligible for a site permit in terms of the provisions of regulation 23; and

sy beheer, indien. Sodanige verslag moet ter insae van 'n amptenaar wat ingevolge subartikel (3) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet aangestel is, beskikbaar wees.

*Aanplak van regulasies en maatreëls.*

4. (1) 'n Superintendent moet in die lokasie onder sy bestuur aan die bepalings van subartikel (6) van artikel *agt-en-dertig* van die Wet, voldoen.

(2) Niemand mag enige regulasie, kennisgewing, maatreëls of instruksie wat die superintendent by of in sy kantoor of in enige lokasie aangeplak het, skend, verwyder of hom daarmee bemoei nie.

*Geboue genommer te word.*

5. (1) Die superintendent moet aan elke terrein in die lokasie onder sy beheer 'n nommer toewys en moet die nommer wat aan elke terrein toegewys is, leesbaar laat skilder of graveer op of aanbring in 'n opvallende plek aan die buitekant van enige geboue wat op sodanige terrein opgerig is. Die superintendent moet toesien dat bedoelde nommers te alle tye in 'n leesbare toestand gehou word.

(2) Niemand mag sodanige nommer wederregtelik verberg, verwyder, skend, uitwis of vernietig nie.

*Betreding van persele.*

6. (1) Enige amptenaar wat kragtens subartikel (1) of subartikel (3) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet aangestel is, die geneeskundige gesondheidsbeampte of sy gemagtigde assistente of enige gemagtigde werknemer van die Raad kan, vir enige doel verbonde aan die uitvoering van hierdie regulasies, op alle redelike tye sonder kennisgewing vooraf enige perseel, grond of woning wat ook al in enige lokasie betree en sodanige ondersoek instel, navraag en stappe doen as wat hy vir die nakoming van sy pligte nodig ag.

(2) Die superintendent of sy gemagtigde assistente kan op alle redelike tye enige hut of woning of gebou in die lokasie binnegaan, waarin daar op redelike gronde vermoed word dat 'n oortreding begaan word.

*Rekord van weierings.*

7. Die superintendent moet 'n rekord hou van die name van die persone wie se aansoeke om terreinpermitte, bouterreinpermitte, sertifikate, woon- of loseerderspermitte geweier is en die redes vir sodanige weiering.

*Register van bewoners.*

8. (1) Die superintendent moet 'n register hou (hierna „register van bewoners" genoem). Die superintendent moet in sodanige register van bewoners die naam en volle besonderhede inskryf van iedereen aan wie 'n terrein-, woon- of loseerderspermit of sertifikaat ooreenkomstig hierdie regulasies uitgereik of toegestaan is, en die naam van enigiemand anders wat, kragtens hierdie regulasies, ingevolge enige terrein-, woon- of loseerderspermit of sertifikaat toegelaat word om in die lokasie te woon, moet ook in die register van bewoners aangeteken word.

(2) Die voorkoms van iemand se naam in die register van bewoners is *prima facie* bewys van die reg wat so iemand besit om in die lokasie te woon en om daarin te wees.

HOOFSTUK II.

(A) TERREINPERMITTE.

*Aansoek om terreine.*

9. (1) Enige manlike persoon wat die hoof is van 'n gesin en wat tesame met die lede van sy gesin in die lokasie wil gaan woon en daarin 'n woning wil oprig, moet persoonlik by die superintendent om 'n terrein aansoek doen.

Die superintendent moet, idien hy daarvan oortuig is dat—

(*a*) 'n geskikte terrein wat nie vir 'n ander doel deur die Raad afgesonder is nie, in 'n gebied wat opsy gesit is vir die etniese groep waartoe die applikant behoort, beskikbaar is; en

(*b*) die applikant 'n allesins gewenste persoon is om in die lokasie te woon; en

(*c*) die applikant kragtens die bepalings van regulasie 23 vir 'n terreinpermit in aanmerking kom; en

(*d*) the applicant has lawfully resided with his family in the urban area for not less than five years immediately preceding the date of application; and

(*e*) the applicant is lawfully permitted to remain in the proclaimed area in terms of sub-section (1) of section *ten* of the Act; and

(*f*) being at the time the holder of a residential or lodger's permit, the applicant has undertaken that, on the issue of a site permit he will relinquish and consent to the cancellation of his residential or lodger's permit; and

(*g*) the applicant does not already hold a site permit or certificate in terms of these regulations; and

(*h*) the applicant is not the holder of a residential or arable allotment in a released or scheduled area in terms of the Native Trust and Land Act, 1936, as amended; and

(*i*) the applicant is free from any infectious or contagious disease; and

(*j*) the applicant is willing and financially able to erect a dwelling of the standard approved by the Council within the period prescribed in sub-regulation (6) of regulation 10; and

(*k*) the applicant has not been convicted more than once within a period of three years immediately preceding the date of his application of selling or supplying or being in unlawful possession of kaffir beer, or intoxicating liquor as defined in the Liquor Act, 1928, and any amendment or re-enactment thereof, or yeast in any form, or malt in any form; and

(*l*) the applicant is not subject to the provisions of section *twelve* of the Act;

shall issue to such applicant a building site permit substantially in the form set out in Schedule I of these regulations in respect of a specified site in the location.

(2) Notwithstanding anything to the contrary contained in sub-regulation (1) the superintendent may, subject to the other conditions mentioned in sub-regulation (1) being fulfilled by the applicant, issue a building-site permit to an adult female who is eligible in terms of sub-regulation (3) of regulation 23.

(3) The holder of a building site permit shall within one month from the date of issue of such permit apply for a building permit in terms of regulation 10. If the holder of a building site permit fails or neglects to make such application within the said period or within such extended period as the superintendent may approve or if the building permit be cancelled or withdrawn in terms of sub-regulation (6) of regulation 10, the said building-site permit may forthwith be cancelled by the superintendent and any rights acquired thereunder shall *ipso facto* lapse.

(4) Any rent, fees or other charges which may accrue in respect of any site allotted in terms of sub-regulation (1) or (2) shall be payable monthly in advance from the date of the issue of the building-site permit.

(5) A building-site permit shall not entitle the holder thereof to reside in the location if he be not otherwise entitled so to reside.

(6) The Council may, notwithstanding anything to the contrary in these regulations contained, resolve that no further sites shall be allotted in terms of these regulations.

*Erection of Buildings, Fences, Outhouses and other Structures.*

10. (1) Any person desirous of erecting, altering or adding to any dwelling, building, outhouse or other structure in the location shall apply in writing to the superintendent for a building permit and—

(*a*) submit a properly prepared plan in duplicate showing the proposed erections, alterations and additions, together with a properly prepared specification of the proposed work, for consideration by the superintendent: Provided that—

(i) no building or erection other than one house with the normal outbuildings shall be erected on any one site;

(*d*) die applikant met sy gesin vir minstens vyf jaar onmiddellik voor die datum van aansoek wettig in die stadsgebied woonagtig was; en

(*e*) die applikant wettig toegelaat word om kragtens subartikel (1) van artikel *tien* van die Wet in die geproklameerde gebied te bly; en

(*f*) die applikant, indien hy op dié tydstip die houer van 'n woon- of loseerderspermit is, onderneem het dat hy by uitreiking van 'n terreinpermit, van sy woon- of loseerderspermit sal afsien en toestaan tot die intrekking daarvan; en

(*g*) die applikant nie reeds 'n terreinpermit of sertifikaat kragtens hierdie regulasies hou nie; en

(*h*) die applikant nie die houer van 'n woon- of bewerkbare perseel in 'n oopgestelde of afgesonderde gebied kragtens die Naturellestrust en -grond Wet, 1936, soos gewysig, is nie; en

(*i*) die applikant nie aan 'n besmetlike of aansteeklike siekte ly nie; en

(*j*) die applikant gewillig en geldelik daartoe in staat is om 'n woning van die standaard wat deur die Raad goedgekeur is, binne die tydperk voorgeskryf in subregulasie (6) van regulasie 10, op te rig; en

(*k*) die applikant nie meer as een keer nie binne 'n tydperk van drie jaar onmiddellik voor die datum van sy aansoek daaraan skuldig bevind is dat hy kafferbier of bedwelmende drank, soos omskryf in die Drankwet, 1928, en wysigings of herbepalings daarvan, of gis of mout in watter vorm ook al, verkoop of verskaf het, of onwettig in besit daarvan was; en

(*l*) die applikant nie onderworpe is aan die bepalings van artikel *twaalf* van die Wet nie,

aan sodanige applikant 'n bouterreinpermit uitreik, wesenlik in die vorm in Bylae 1 van hierdie regulasies uiteengesit ten opsigte van 'n gespesifiseerde terrein in die lokasie.

(2) Ondanks andersluidende bepalings in subregulasie (1) vervat, kan die superintendent, mits die applikant voldoen aan die ander voorwaardes in subregulasie (1) vermeld, 'n bouterreinpermit uitreik aan 'n volwasse vrou wat kragtens subregulasie (3) van regulasie 23 geskik is.

(3) Die houer van 'n bouterreinpermit moet binne een maand van die datum van die uitreiking van sodanige permit kragtens regulasie 10 om 'n boupermit aansoek doen. Indien die houer van 'n bouterreinpermit in gebreke bly of nalaat om sodanige aansoek te doen binne genoemde tydperk of binne sodanige verlengde tydperk as wat die superintendent goedkeur, of as die boupermit kragtens subregulasie (6) van regulasie 10 ingetrek of teruggetrek word, kan genoemde bouterreinpermit op staande voet deur die superintendent ingetrek word, en enige regte wat ingevolge daarvan verkry is, verval *ipso facto*.

(4) Enige huur- of ander geld of ander koste wat ontstaan ten opsigte van enige terrein wat kragtens subregulasie (1) of (2) toegewys is, is maandeliks van die datum van uitreiking van die bouterreinpermit vooruitbetaalbaar.

(5) 'n Bouterreinpermit gee nie die houer daarvan die reg om in die lokasie te woon nie indien hy nie andersins daartoe geregtig is nie.

(6) Die Raad kan ondanks andersluidende bepalings in hierdie regulasies vervat, besluit dat geen verdere terreine kragtens hierdie regulasies toegewys mag word nie.

*Oprigtings van geboue, heinings, buitegeboue en ander strukture.*

10. (1) Enigeen wat enige woning, gebou, buitegebou of ander struktuur in die lokasie wil oprig, verander of daaraan bou, moet skriftelik by die superintendent om 'n boupermit aansoek doen en—

(*a*) 'n behoorlik opgestelde plan in tweevoud voorlê, wat die voorgestelde oprigtings, veranderings en aanbouings aanwys, saam met 'n behoorlik opgestelde spesifikasie van die voorgestelde werk, vir oorweging deur die superintendent: Met dien verstande dat—

(i) geen gebou of oprigting behalwe een huis met die gewone buitegeboue op 'n enkele terrein opgerig mag word nie;

(ii) no walls of any buildings or structure shall be constructed, either wholly or partly, of any sheet iron or other sheeting;

(iii) every dwelling, building, outhouse or other structure shall conform to the Municipal Building and Drainage Regulations, as amended: Provided that the Council may waive compliance with all or any of the provisions of the said regulations;

(b) in the event of such person not applying for a loan in terms of regulation 14, submit proof to the satisfaction of the superintendent that his income is sufficient to enable him to meet his obligations in respect of site rental and other monthly charges payable to the Council and that he possesses liquid assets equal to the estimated cost of the approved dwelling, building, outhouse or other structure;

(c) in the event of such person applying for a loan in terms of regulation 14, submit proof to the satisfaction of the superintendent that his income is sufficient to enable him to meet his obligations in respect of site rental, interest and redemption on the said loan and other monthly charges payable to the Council and that he possesses liquid assets sufficient to cover the difference between the estimated cost of the approved dwelling, building, outhouse or other structure and the amount of the loan to be advanced;

(d) pay such fees as are prescribed in the Council's Building By-laws: Provided that notwithstanding that the engineer shall assess the fees payable in each particular case, such fees shall accrue to the Council's Native Revenue Account and not to General Revenue;

(e) furnish the superintendent with such other information as he may require regarding the proposed erections and the applicant's financial circumstances.

(2) The Council shall, if so requested, supply to any bona fide applicant for a building permit, a plan of a standard house acceptable to the Council, on payment of the fee prescribed in Schedule VII of these regulations.

(3) On being satisfied that the provisions of sub-regulation (1) have been complied with, the superintendent shall forthwith issue to the applicant a building permit in the form set out in Schedule II of these regulations to which shall be attached a copy of the approved plan and specifications which shall form part of the building permit. No building, outhouse or structure otherwise than specified in such permit shall be erected on the site specified therein.

(4) No person shall incorporate in any dwelling, building, outhouse or other structure any material which has not received the prior approval of the superintendent who shall approve only such material as has not been already used or which having been used is of good quality and in good condition.

(5) The superintendent shall cause the erection, alteration of or addition to any dwelling, building, outhouse or other structure to be effectively supervised and may order or cause to be demolished any dwelling, building, outhouse or other structure or any portion thereof which has not been constructed in accordance with the building permit.

(6) (a) If the erection, alteration of or addition to any dwelling, building, outhouse or other structure for which a building permit has been issued be not commenced within three months from the date of issue of the said building permit, such permit may be cancelled by the superintendent: Provided that the superintendent may on good cause shown extend the said period for a further specified time.

(ii) geen mure van enige gebou of struktuur geheel en al of gedeeltelik van enige plaatyster of ander plaatbekleding gebou mag wees nie;

(iii) elke woning, gebou, buitegebou of ander struktuur aan die Munisipale Bou- en Rioleringsregulasies, soos gewysig, moet voldoen: Voorts met dien verstande dat die Raad van die voldoening aan die bepalings van genoemde regulasies afstand kan doen;

(b) ingeval sodanige persoon nie kragtens regulasie 14 om 'n lening aansoek doen nie, tot voldoening van die superintendent bewys lewer dat sy inkomste voldoende is om hom in staat te stel om sy verpligtings na te kom ten opsigte van terreinhuurgeld en ander maandelike koste aan die Raad betaalbaar, en dat hy likwiede bates gelyk aan die beraamde koste van die goedgekeurde woning, gebou, buitegebou of ander struktuur besit;

(c) ingeval sodanige persoon kragtens regulasie 14 om 'n lening aansoek doen, tot voldoening van die superintendent bewys lewer dat sy inkomste voldoende is om hom in staat te stel om sy verpligtings na te kom ten opsigte van terreinhuurgeld, rente en delging op genoemde lening en ander maandelikse koste aan die Raad betaalbaar en dat hy voldoende likwiede bates besit om die verskil te dek tussen die beraamde koste van die goedgekeurde woning, gebou, buitegebou, of ander struktuur en die bedrag van die lening wat voorgeskiet sal word;

(d) sodanige gelde as wat voorgeskryf word in die Raad se Bouverordeninge, betaal: Met dien verstande dat, hoewel die ingenieur die gelde wat in elke besondere geval betaalbaar is, moet vasstel, sodanige gelde aan die Raad se Naturelle-inkomste-rekening en nie aan die Algemene Inkomste nie, moet toekom;

(e) sodanige ander inligting wat die voorgestelde oprigting en die applikant se finansiële omstandighede betref, as wat hy verlang, aan die superintendent verskaf.

(2) Die Raad moet, indien hy daartoe versoek word, aan enige *bona fide* applikant vir 'n boupermit 'n plan van 'n standaardhuis wat vir die Raad aanneemlik is, verskaf by betaling van die gelde in Bylae VII van hierdie regulasies voorgeskryf.

(3) Die superintendent moet, indien hy daarvan oortuig is dat die bepalings van subregulasie (1) nagekom is, sonder verwyl aan die applikant 'n boupermit uitreik in die vorm wat in Bylae II van hierdie regulasies uiteengesit word, waaraan 'n afskrif van die goedgekeurde plan en spesifikasies geheg moet word, wat 'n deel van die boupermit moet uitmaak. Geen ander gebou, buitegebou of struktuur as wat in sodanige permit gespesifiseer word, mag opgerig word op die terrein, wat daarin gespesifiseer word nie.

(4) Niemand mag vir enige woning, gebou, buitegebou of ander struktuur enige materiaal gebruik wat nie vooraf die goedkeuring weggedra het nie van die superintendent wat slegs sodanige materiaal moet goedkeur wat nie reeds gebruik was nie of wat gebruik was en van goeie gehalte en in 'n goeie toestaan is.

(5) Die superintendent moet doeltreffende toesig oor die oprigting of verandering van of aanbouing aan enige woning, gebou, buitegebou of ander struktuur laat hou en kan gelas of veroorsaak dat enige woning, gebou, buitegebou of ander struktuur of enige deel daarvan wat nie ingevolge die boupermit gebou is nie, gesloop word.

(6) (a) Indien daar nie 'n aanvang gemaak word met die oprigting of verandering van of aanbouing aan enige woning, gebou, buitegebou of ander struktuur waarvoor 'n boupermit uitgereik is, binne drie maande van die datum van uitreiking van genoemde boupermit nie, kan sodanige permit deur die superintendent ingetrek word: Met dien verstande dat die superintendent, wanneer 'n grondige rede verstrek word, genoemde tydperk vir 'n verdere gespesifiseerde tydperk kan verleng.

(b) If the erection, alteration of or addition to any dwelling, building, outhouse or other structure for which a building permit has been issued be not completed within 12 months from the date of issue of and in accordance with such permit, the superintendent may—

(i) extend the period for a further specified time; or

(ii) enter upon such lot and erect or complete the approved dwelling, building, outhouse or other structure and recover the cost thereof from the holder of the building permit; or

(iii) cancel the building permit and order the holder thereof forthwith to remove any erection or material belonging to him from the dwelling, building, outhouse or other structure or site in respect of which such permit was granted.

(7) The holder of a building permit shall on completion of the erection, alteration of or addition to any dwelling, building, outhouse or other structure give notice thereof to the superintendent within seven days of such completion. Upon receipt of such notice the superintendent shall cause such work to be inspected and, if it complies with the provisions of these regulations, shall certify accordingly by an endorsement on the owner's copy of the relative building permit. Such endorsement shall also be effected on the office copy of the said permit. Such permit shall thereupon cease to confer any authority for the erection of or addition to any dwelling, building, outhouse or other structure.

(8) No person shall reside in, occupy or use any dwelling, building, outhouse or other structure before the building permit has been certified in accordance with the provisions of sub-regulation (7).

(9) The issue of a building permit shall not confer any rights of residence or occupation upon the applicant in respect of any dwelling or site in the location.

(10) Any person who—

(a) erects, alters or adds to any dwelling, building, outhouse or other structure without a building permit; or

(b) erects, alters or adds to any dwelling, building, outhouse or other structure not in accordance with the building permit; or

(c) uses any material not approved by the superintendent; or

(d) fails to obey any lawful order issued by the superintendent, or any person duly authorised by him in terms of this regulation;

shall be guilty of an offence and on conviction the Court may, in addition to any penalty it may impose, order the demolition and removal of such dwelling, building, outhouse or other structure or may make such other order as it may deem fit.

(11) Notwithstanding the provisions of sub-regulations (4), (5) and (10) the holder of a site permit shall be permitted to erect and to occupy, together with his family, any temporary structure which is impervious to rain, capable of securing privacy of family life, and constructed of any material other than hessian or similar material erected in a corner of a residential site allotted to him in a site-and-service scheme: Provided that such temporary structure shall be regarded as an unauthorised structure and the provisions of the said sub-regulations (4), (5) and (10) shall apply in respect thereof—

(i) as soon as a permanent dwelling erected on such site is certified in terms of sub-regulation (7); or

(ii) if after having been offered by the superintendent in writing a municipal dwelling or a housing loan in terms of sub-regulation (1) of regulation 14 for the erection of a suitable dwelling, such holder fails within three months of such offer to occupy such municipal dwelling or to obtain a building permit.

(b) Indien die oprigting of verandering van of aanbouing aan enige woning, gebou, buitegebou of ander struktuur waarvoor 'n boupermit uitgereik is nie binne 12 maande van die datum van uitreiking van en ooreenkomstig sodanige permit voltooi is nie, kan die superintendent—

(i) die tydperk vir 'n verdere gespesifiseerde tydperk, verleng; of

(ii) sodanige perseel betree en die goedgekeurde woning, gebou, buitegebou of ander struktuur oprig of voltooi en die koste daarvan op die houer van die boupermit verhaal; of

(iii) die boupermit intrek en die houer daarvan beveel om sonder verwyl enige oprigting of materiaal wat aan hom behoort te verwyder van die woning, gebou, buitegebou, of ander struktuur of terrein ten opsigte waarvan sodanige permit toegestaan is.

(7) Die houer van 'n boupermit moet by voltooiing van die oprigting of verandering van of aanbouing aan enige woning, gebou, buitegebou of ander struktuur binne sewe dae na sodanige voltooiing die superintendent daarvan in kennis stel. Die superintendent moet, by ontvangs van sodanige kennisgewing, sodanige werk laat inspekteer en moet, as dit aan die bepalings van hierdie regulasies voldoen, deur 'n endossement op die eienaar se afskrif van die betrokke boupermit, dienooreenkomstig sertifiseer. Sodanige endossement moet ook op die kantoorafskrif van genoemde permit aangebring word. Sodanige permit hou daarna op om enige magtiging tot die oprigting van aanbouing aan enige woning, gebou, buitegebou of ander struktuur te verleen.

(8) Niemand mag enige woning, gebou, buitegebou of ander struktuur bewoon, okkupeer of gebruik voordat die boupermit ooreenkomstig die bepalings van subregulasie (7) gesertifiseer is nie.

(9) Die uitreiking van 'n boupermit verleen nie aan die applikant enige regte van bewoning of okkupasie ten opsigte van enige woning of terrein in die lokasie nie.

(10) Enigiemand wat—

(a) sonder 'n boupermit enige woning, gebou, buitegebou of ander struktuur oprig, verander of daaraan bou; of

(b) teenstrydig met die boupermit enige woning, gebou, buitegebou of ander struktuur oprig, verander of daaraan bou; of

(c) enige materiaal gebruik wat nie deur die superintendent goedgekeur is nie; of

(d) in gebreke bly om enige wettige bevel te gehoorsaam wat uitgereik is deur die superintendent of enigiemand wat kragtens hierdie regulasie behoorlik deur hom daartoe gemagtig is;

is skuldig aan 'n misdryf en die Hof kan by skuldigbevinding benewens enige straf wat hy oplê, die sloping en verwydering van sodanige woning, gebou, buitegebou of ander struktuur gelas of sodanige ander bevel uitvaardig as wat hy goedvind.

(11) Ongeag die bepalings van subregulasies (4), (5) en (10), moet die houer van 'n terreinpermit toegelaat word om enige tydelike struktuur, teen reën bestand, geskik om die privaatheid van die gesinslewe te verseker, en gebou van enige ander materiaal as goiingsak of soortgelyke materiaal, in 'n hoek van 'n woonterrein opgerig wat in 'n terrein-en-diensskema aan hom toegewys is, op te rig en te okkupeer tesame met sy gesin: Met dien verstande dat sodanige tydelike struktuur as 'n ongemagtigde struktuur beskou moet word en die bepalings van genoemde subregulasies (4), (5) en (10) is ten opsigte daarvan van toepassing—

(i) sodra 'n permanente woning wat op sodanige terrein opgerig is kragtens subregulasie (7) gesertifiseer is; of

(ii) indien sodanige houer, nadat 'n munisipale woning of behuisingslening vir die oprigting van 'n geskikte woning skriftelik deur die superintendent kragtens subregulasie (1) van regulasie 14 hom aangebied is, in gebreke bly om binne drie maande van sodanige aanbod sodanige munisipale woning te okkupeer of 'n boupermit te verkry.

For the purpose of this sub-regulation, a site-and-service scheme means a properly planned residential area within the location provided with rudimentary services and in which the holder of a site permit in respect of a site allotted to him in such area is permitted to erect a temporary structure in a corner of such site pending the erection of an approved dwelling.

*Issue of Site Permit.*

11. (1) Upon the production to him of a building site permit and a building permit duly endorsed in terms of sub-regulation (7) of regulation 10 the superintendent shall forthwith issue to the holder thereof a site permit substantially in the form set out in Schedule III of these regulations in respect of the relevant site.

(2) A site permit shall entitle the holder to the exclusive use and occupation of the site described therein subject to the provisions of these regulations.

(3) In the event of a site permit being lost, destroyed, stolen or mutilated the person to whom it was issued may apply for a copy to the superintendent, who, if he is satisfied that such permit was lost, destroyed, stolen or mutilated, shall issue to such person a duplicate of such site permit. A fee as prescribed in Schedule VII of these regulations shall be payable by the applicant for such duplicate.

*Certificate of Occupation.*

12. (1) The Council may itself erect or acquire dwellings in a location and dispose of the right of occupation thereof to suitable applicants.

(2) Any person who is the head of a family and is desirous of acquiring the right of occupation of a dwelling referred to in sub-regulation (1) shall personally apply to the superintendent for a certificate.

(3) The superintendent on being satisfied that—

(*a*) a suitable dwelling is available in the area set aside for the ethnic group to which the applicant belongs;

(*b*) the applicant complies *mutatis mutandis* with the provisions of paragraphs (*b*) to (*i*) and (*k*) to (*l*) of sub-regulation (1) of regulation 9;

(*c*) the applicant is financially able and willing to pay for the right of occupation of the dwelling; and

(*d*) the applicant is not already a grantee in respect of another site,

shall, on behalf of the Council and subject to these regulations, issue to such applicant a certificate of occupation substantially in the form set out in Schedule IV of these regulations: Provided that, when the applicant is a person under 21 years of age, the certificate shall not be issued to him unless and until the written consent thereto of his parent or guardian be produced to the superintendent, and provided further that no certificate shall be issued to any female under the age of 25 years.

(4) A certificate shall—

(*a*) entitle the grantee thereof to the exclusive use and occupation, together with his family, but subject to these regulations, of the dwelling described therein and the site on which such dwelling is situated, for a period at the discretion of the Council;

(*b*) describe the particular dwelling and site on which such dwelling is situate; and

(*c*) specify the person to whom it is issued.

(5) Any applicant to whom a certificate has been issued in terms of sub-regulation (3) and who has not paid the purchase price of the right of occupation in full, shall be deemed to have been granted a loan by the Council for the unpaid balance of the purchase price and the provisions of regulation 14 shall *mutatis mutandis* apply as in the case of a loan granted by the Council.

Vir die toepassing van hierdie subregulasie beteken 'n terrein-en-diensskema 'n behoorlik bepaalde woongebied binne die lokasie, van rudimentêre dienste voorsien, en waarin die houer van 'n terreinpermit wat ten opsigte van 'n terrein in sodanige gebied aan hom toegewys is, toegelaat word om 'n tydelike struktuur in 'n hoek van sodanige terrein op te rig in afwagting van die oprigting van 'n goedgekeurde woning.

*Uitreiking van terreinpermit.*

11. (1) Die superintendent moet, by die voorlegging aan hom van 'n bouterreinpermit en 'n boupermit wat behoorlik kragtens subregulasie (7) van regulasie 10 geëndosseer is, sonder verwyl aan die houer daarvan 'n terreinpermit, wesenlik in die vorm in Bylae III van hierdie regulasies uiteengesit, ten opsigte van die betrokke terrein uitreik.

(2) 'n Terreinpermit gee die houer die reg op die alleengebruik en -okkupasie van die terrein wat daarin omskryf word, onderworpe aan die bepalings van hierdie regulasies.

(3) Ingeval 'n terreinpermit verlore raak, vernietig, gesteel of geskend is, kan die persoon aan wie dit uitgereik is om 'n afskrif aansoek doen by die superintendent wat, indien hy daarvan oortuig is dat sodanige permit verlore geraak het, vernietig, gesteel of geskend is, aan sodanige persoon 'n duplikaat van sodanige terreinpermit moet uitreik. 'n Bedrag soos bepaal in Bylae VII van hierdie regulasie is vir sodanige duplikaat deur die applikant betaalbaar.

*Sertifikaat van okkupasie.*

12. (1) Die Raad kan self wonings in 'n lokasie oprig of verkry en die reg van okkupasie daarvan aan geskikte applikante van die hand sit.

(2) Enigeen wat die hoof van 'n gesin is en die reg van okkupasie van 'n woning vermeld in subregulasie (1) wil verkry, moet persoonlik by die superintendent om 'n sertifikaat aansoek doen.

(3) Die superintendent moet, indien hy daarvan oortuig is dat—

(*a*) 'n geskikte woning beskikbaar is in die gebied wat opsy gesit is vir die etniese groep waartoe die applikant behoort;

(*b*) die applikant *mutatis mutandis* aan die bepalings van paragrawe (*b*) tot (*i*) en (*k*) tot (*l*) van subregulasie (1) van regulasie 9 voldoen;

(*c*) die applikant geldelik gewillig en daartoe in staat is om vir die reg van okkupasie van die woning te betaal; en

(*d*) die applikant nie reeds 'n sertifikaathouer ten opsigte van 'n ander terrein is nie,

namens die Raad en onderworpe aan hierdie regulasies, aan sodanige applikant 'n sertifikaat van okkupasie uitreik, wesenlik in die vorm in Bylae IV van hierdie regulasies uiteengesit: Met dien verstande dat wanneer die applikant iemand onder die ouderdom van 21 jaar is, die sertifikaat nie aan hom uitgereik mag word nie, tensy en totdat die skriftelike toestemming daartoe van sy ouer of voog aan die superintendent voorgelê is, en voorts met dien verstande dat geen sertifikaat aan 'n vrou onder die ouderdom van 25 jaar uitgereik mag word nie.

(4) 'n Sertifikaat—

(*a*) gee die houer daarvan die reg op die alleengebruik en okkupasie, tesame met sy gesin, maar onderworpe aan hierdie regulasies, van die woning wat daarin omskryf word en die terrein waarop sodanige woning geleë is, vir 'n tydperk na goeddunke van die Raad;

(*b*) moet die besondere woning en terrein waarop sodanige woning geleë is, omskryf; en

(*c*) die persoon aan wie dit uitgereik is, spesifiseer.

(5) Daar word geag dat aan enige applikant aan wie 'n sertifikaat kragtens subregulasie (3) uitgereik is en wat nie die koopprys van die reg van okkupasie ten volle betaal het nie, 'n lening vir die onbetaalde saldo van die koopprys deur die Raad toegestaan is en die bepalings van regulasie 14 is *mutatis mutandis* van toepassing soos in die geval van 'n lening wat deur die Raad toegestaan is.

(6) Any fees or other charges which may accrue in respect of any dwelling disposed of in terms of this regulation shall be payable in advance on or before the seventh day of every month from the date of issue of the certificate.

*Duties and Obligations of Site-Permit Holders and Grantees.*

13. The holder of a site permit or a grantee shall—

(*a*) not use the site for any purpose other than that specified in his permit;

(*b*) not sub-let any dwelling, or part thereof or permit occupation thereof by anyone other than himself and his family without the written consent of the superintendent issued in a form as set out in Schedule VIII of these regulations;

(*c*) not allow to be used for residential purposes, either by himself or anyone else, any building or other structure which has not been approved by the superintendent for habitation by human beings;

(*d*) within three months, subject to such extensions as may be approved by the superintendent, comply with any written instruction he may receive from the superintendent requiring him to repair, alter, rebuild or demolish any dwelling, building, outhouse, fence or other structure which is unsightly or dilapidated or which does not comply with the minimum health standards laid down in the Council's by-laws;

(*e*) not allow any room, wholly or partly used by human beings for sleeping purposes, to be used by a greater number of persons than will allow of 400 cubic feet of free air space and 40 square feet of floor space for each person of over the age of 10 years and 200 cubic feet of free air space and 20 square feet of floor space for each person under the age of 10 years; provided that under no circumstances shall any latrine, passage, staircase, landing or cupboard be used for sleeping purposes;

(*f*) maintain his site and all buildings and fences thereon in a good state of repair and cleanliness;

(*g*) not allow his site to be used for other than residential purposes, which may include a garden used for the purpose of growing fruit, flowers and vegetables for domestic use only;

(*h*) not subdivide his site;

(*i*) not keep any cattle, horse, mule, donkey, sheep, goat or pig on his site;

(*j*) not keep poultry otherwise than in a run approved by the superintendent.

(*k*) pay monthly in advance the charges prescribed in Schedule VII of these regulations.

*Housing loans.*

14. (1) The Council may in its discretion on application by a site-permit holder or a building-site permit holder, grant to him a building loan of up to 95 per cent of the value (as estimated by the engineer upon the basis of the probable cost according to the plan submitted) of the proposed building when completed, but no such loan shall exceed R500.

(2) Loans may be advanced in accordance with the progress of building operations against monthly certificates from the engineer certifying the value of the work done, which value shall be as nearly as possible the actual cost of the work done. Payment for building materials supplied shall be made by the Council direct to the builder or merchant concerned against submission of detailed invoices provided the engineer certifies that the materials shown on such invoices have actually been built into or used on the work in question.

(3) With a view to economy the Council may arrange by means of tenders for building material merchants to supply building materials at stated prices. The Council shall have the right to require that all building materials shall be supplied by such building material merchant selected from

(6) Enige gelde of ander tariewe wat voortspruit ten opsigte van enige woning wat kragtens hierdie regulasie van die hand gesit is, is voor of op die sewende dag van elke maand van die datum van die uitreiking van die sertifikaat, vooruitbetaalbaar.

*Pligte en verpligtings van terreinpermit- en sertifikaathouers.*

13. Die houer van 'n terreinpermit of 'n sertifikaat—

(*a*) mag nie die terrein vir enige ander doel as wat in sy permit gespesifiseer is, gebruik nie;

(*b*) mag nie enige woning of deel daarvan onderverhuur of okkupasie daarvan deur enigeen behalwe homself en sy gesin toelaat nie, sonder die skriftelike toestemming van die superintendent, in 'n vorm uitgereik soos in Bylae VIII van hierdie regulasies uiteengesit;

(*c*) mag nie toelaat nie dat enige gebou of ander struktuur wat nie vir bewoning deur mense deur die superintendent goedgekeur is nie gebruik word vir woondoeleindes, òf deur homself òf enigiemand anders;

(*d*) moet binne drie maande, onderworpe aan sodanige verlengings as wat die superintendent goedkeur, voldoen an enige skriftelike instruksie wat hy van die superintendent ontvang wat hom aansê om enige woning, gebou, buitegebou, heining of ander struktuur wat onooglik of bouvallig is of wat nie voldoen aan die minimum gesondheidstandaarde in die Raad se verordeninge bepaal nie, te herstel, te verander, te herbou of te sloop;

(*e*) mag nie toelaat dat enige kamer wat geheel en al of gedeeltelik deur mense vir slaapdoeleindes gebruik word, deur 'n groter aantal persone gebruik word as wat 400 kubieke voet vry lugruimte en 40 vierkante voet vloerruimte toelaat vir elke persoon bo die ouderdom van 10 jaar en 200 kubieke voet vry lugruimte en 20 vierkante voet vloerruimte vir elke persoon onder die ouderdom van 10 jaar nie: Met dien verstande dat geen latrine, gang, trap, bordes of kas onder watter omstandighede wat ook al vir slaapdoeleindes gebruik mag word nie;

(*f*) moet sy terrein en alle geboue en heinings daarop in 'n goeie en sindelike toestand onderhou;

(*g*) mag nie toelaat dat sy terrein gebruik word vir enige doeleindes behalwe woondoeleindes nie, wat 'n tuin kan insluit wat gebruik word vir die kweek van vrugte, blomme en groente, slegs vir huisgebruik;

(*h*) mag nie sy terrein onderverdeel nie;

(*i*) mag nie enige vee, perd, muil, donkie, skaap, bok of vark op sy terrein aanhou nie;

(*j*) mag nie pluimvee aanhou nie, behalwe in 'n hok wat deur die superintendent goedgekeur is;

(*k*) moet maandeliks die tariewe bepaal in Bylae VII van hierdie regulasies vooruitbetaal.

*Behuisingslenings.*

14. (1) Die Raad kan na goeddunke en op aansoek van 'n terreinpermithouer of 'n bouterreinpermithouer aan hom 'n boulening toestaan tot op 95 persent van die waarde (soos deur die ingenieur beraam op grondslag van die waarskynlike koste volgens die voorgelegde planne) van die voorgestelde gebou wanneer dit voltooi is, maar geen sodanige lening mag R500 oorskry nie.

(2) Lenings kan ooreenkomstig die vordering van die bouwerksaamhede voorgeskiet word by voorlegging van maandelikse sertifikate van die ingenieur wat die waarde van die werk wat gedoen is, sertifiseer, welke waarde so na as moontlik aan die werklike koste van die werk wat gedoen is, moet wees. Die Raad moet betaling vir boumateriaal wat verskaf is regstreeks aan die betrokke bouer of handelaar doen by voorlegging van uitvoerige fakture, mits die ingenieur sertifiseer dat die materiaal op sodanige fakture aangewys werklik by die betrokke werk ingebou of gebruik is.

(3) Met die oog op besparing, kan die Raad deur middel van tenders met boumateriaalhandelaars reëlings tref om boumateriaal teen bepaalde pryse te verskaf. Die Raad het die reg om te eis dat alle boumateriaal deur sodanige boumateriaalhandelaar, wat gekies moet word uit 'n lys

a list of such merchants approved by the Council against written requisition by the Council on behalf of the site permit or building site permit holders or that such materials shall be supplied by the Council itself.

(4) Every loan shall bear interest at such rate as the Council may determine: Provided that—

(*a*) if the moneys from which such loan is made have been obtained by the Council from the Government or the National Housing and Planning Commission under the provisions of any legislation relating to housing, the rate of interest shall not exceed that payable by the Council on such moneys; and

(*b*) if the moneys from which such loan is made have been obtained by the Council from any other source the rate of interest payable to the Council shall not exceed by more than one-half per cent the rate payable by the Council to such other source.

(5) Interest only shall be payable monthly on any interim advances made by the Council to any borrower on account of any loan and such interest shall commence from the date of each advance and shall continue to be so paid until the date from which the first instalment of principal and interest shall be payable in terms of sub-regulation (7).

(6) The borrower shall repay the amount of the loan and interest thereon in equal monthly instalments over a period to be determined by the Council but not exceeding fifteen years.

(7) The first instalment of principal and interest shall be payable on the first day of January or July following the date of the final advance made by the Council in respect of the loan and thereafter instalments shall be payable on the first day of each succeeding month: Provided that the full amount of the loan and all interest thereon shall be repaid within the period determined by the Council in terms of sub-regulation (6) reckoned from the date on which the first instalment becomes due and payable.

(8) Notwithstanding anything to the contrary in these regulations interest shall be reckoned on the balance of the principal sum and interest remaining unpaid on the 30th June and the 31st December of each and every year during which any portion of the loan and interest remains unpaid, and all subsequent payments by the borrower shall be appropriated in the first instance towards any arrear principal and interest.

*Sale or Encumbrance of a Site Permit or Certificate.*

15. The site permit holder or a grantee shall not sell or otherwise dispose of or pledge, hypothecate or in any manner encumber his site permit certificate or right or interest in and to his site or any improvements thereon to any person other than the Council without the prior written approval of the Council.

*Transfer of Site Permit or Certificate.*

16. (1) A holder of a site permit or certificate who has sold or otherwise disposed of the improvements on his site shall forthwith apply to the superintendent for the transfer of such improvements to the purchaser or other person to whom his property has been disposed of and the superintendent shall grant such application if—

(*a*) the proposed transferee in the case of a site permit complies with the conditions prescribed by sub-regulation (1) of regulation 9 and in the case of a certificate, complies with the conditions prescribed by regulation 12;

(*b*) the holder of the site permit or grantee has paid all fees, rents, and other charges due by him under these regulations and, if he has obtained or is deemed to have obtained a loan in terms of regulation 14, has repaid the said loan in full together with any interest thereon that may have accrued: Provided that the Council may, subject to the provisions of the said regulation 14, allow the transferee to be substituted as debtor in place of the transferor in respect of the loan;

van sodanige handelaars wat deur die Raad goedgekeur is, verskaf moet word op skriftelike aansoek van die Raad namens die terreinpermit- of bouterreinpermithouers of dat die Raad self sodanige materiaal moet verskaf.

(4) Elke lening dra rente teen sodanige koers as wat die Raad bepaal: Met dien verstande dat—

(*a*) indien die gelde waaruit sodanige lening bestaan deur die Raad van die Goewerment of die Nasionale Behuisings- en Beplanningskommissie verkry is ingevolge die bepalings van enige wetgewing betreffende behuising, die rentekoerse nie dié wat deur die Raad op sodanige gelde betaalbaar is, mag oorskry nie; en

(*b*) indien die gelde waaruit sodanige lening bestaan deur die Raad uit enige ander bron verkry is, die rentekoers aan die Raad betaalbaar nie die koers deur die Raad aan sodanige ander bron betaalbaar met meer as 'n half persent mag oorskry nie.

(5) Op enige tussentydse voorskotte wat deur die Raad aan enige lener gedoen is ten opsigte van enige lening is slegs rente maandeliks betaalbaar en sodanige rente moet van die datum van elke voorskot begin en moet vervolgens aldus betaal word tot die datum waarvan die eerste paaiement van die hoofsom en rente kragtens subregulasie (7) betaalbaar is.

(6) Die lener moet die bedrag van die lening en rente daarop in gelyke maandelikse paaiemente betaal oor 'n tydperk wat deur die Raad bepaal moet word, maar nie langer as vyftien jaar nie.

(7) Die eerste paaiement van die hoofsom en rente is betaalbaar op die eerste dag van Januarie of Julie wat volg op die datum van die laaste voorskot wat deur die Raad ten opsigte van die lening gedoen is, en daarna is paaiemente op die eerste dag van elke daaropvolgende maand betaalbaar: Met dien verstande dat die volle bedrag van die lening en alle rente daarop binne die tydperk wat deur die Raad bepaal is, kragtens subregulasie (6) terugbetaal moet word, bereken van die datum waarop die eerste paaiement verval en betaalbaar is.

(8) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie regulasies, word rente bereken op die saldo van die hoofsom en rente wat onbetaal is op die 30ste Junie en die 31ste Desember van elke jaar waartydens enige deel van die lening en rente onbetaal is, en alle daaropvolgende betalings deur die lener moet in die eerste plek vir enige agterstallige hoofsom en rente bestem word.

*Verkoop of belasting van 'n terreinpermit of sertifikaat.*

15. Die terreinpermit- of sertifikaathouer mag nie sy terreinpermit, sertifikaat of reg op of belange in sy terrein of enige verbeterings daarop aan enige persoon behalwe die Raad verkoop of andersins van die hand sit, verpand, verbind of op enige wyse belas nie, sonder die skriftelike goedkeuring van die Raad vooraf.

*Oordrag van terreinpermit of sertifikaat.*

16. (1) 'n Houer van 'n terreinpermit of sertifikaat, wat die verbeterings op sy terrein verkoop of andersins van die hand gesit het, moet sonder verwyl by die superintendent aansoek doen om die oordrag van sodanige verbeterings aan die koper of ander persoon aan wie sy eiendom van die hand gesit is, en die superintendent moet sodanige aansoek toestaan indien—

(*a*) die voorgestelde transportnemer, in die geval van 'n terreinpermit, aan die voorwaardes bepaal by subregulasie (1) van regulasie 9, en in die geval van 'n sertifikaat, aan die voorwaardes bepaal by regulasie 12 voldoen;

(*b*) die houer van die terreinpermit of sertifikaat alle gelde, huurgelde en ander tariewe betaal het wat ingevolge hierdie regulasies deur hom verskuldig is, en indien hy kragtens regulasie 14 'n lening verkry het of geag word 'n lening te verkry het, genoemde lening ten volle terugbetaal het tesame met enige rente daarop wat opgeloop het: Met dien verstande dat die Raad, onderworpe aan die bepalings van genoemde regulasie 14, kan toelaat dat die transportnemer in die plek van die transportgewer as debiteur ten opsigte van die lening tree;

(c) the site permit or certificate has been surrendered; and

(d) the transferor and the transferee have completed a transfer form approved by the Council and obtainable from the superintendent for the purpose.

(2) A fee as prescribed in Schedule VII of these regulations shall be payable by the transferee at the date of transfer in respect of a transfer under these regulations.

(3) When effecting transfer the superintendent shall cancel the site permit or certificate of the transferor and issue a site permit or certificate to the transferee.

*Disposal of Improvements on Death.*

17. (1) On the death of a holder or grantee the site permit or certificate may be transferred to the heirs of the deceased: Provided that, notwithstanding anything to the contrary in the will of the deceased—

(a) in the case of a sole major heir he complies with the provisions of paragraphs (b), (c), (d), (e), (f), (g), (h), (i), (k) and (l), of sub-regulation (1) of regulation 9;

(b) in the case of a sole minor heir transfer shall take place to such person as the Native Commissioner may direct to be held in trust for such minor during his minority but no person shall be approved as a trustee unless he complies with the provisions of paragraphs (b), (d), (e), (i), (k) and (l) of sub-regulation (1) of regulation 9: Provided that if such person fails to maintain such minor or other dependants of the deceased to the satisfaction of the Native Commissioner the Council, may, subject to the provisions of this paragraph, transfer the site permit or certificate to such other person as the Native Commissioner may direct;

(c) in case there are two or more heirs and all of them are majors, transfer shall take place to only one of such heirs as if the provisions of paragraph (a) applied to the case;

(d) in case there are two or more heirs some of whom are majors and some minors, transfer shall take place to only one of the major heirs as if the provisions of paragraph (a) applied to the case.

(2) No usufructuary interest may be transmitted to any person in respect of any site permit or certificate or any property to which such site permit or certificate relates.

(3) In the event of the death of a holder of a building-site permit the superintendent may, if building operations have been commenced on the site, transfer the permit to the heir of the deceased holder, provided such heir possesses the qualifications mentioned in sub-regulation (1) of regulation 9.

(4) On the death of the holder of any site permit in respect of a site on which there are no buildings or erections, or on which there are unauthorised buildings or erections, such site permit shall *ipso facto* lapse and no rights in respect of such site permit shall be transmissible to the heirs of the deceased.

(5) In the event of a transfer in terms of paragraph (c) or (d) of sub-regulation (1), the transferee shall compensate his co-heirs for their interests in such permit or certificate on the basis of a valuation of such interests made by a person nominated for that purpose by the Native Commissioner.

(6) In the event of a site permit, certificate or building site permit not being transferred in terms of sub-regulation (1) or (3) within six months of the death of the deceased the said permit or certificate shall lapse and be deemed to be cancelled, unless the Council on good cause shown has extended the said period. On such lapsing the Council shall be entitled to claim immediate possession

(c) die terreinpermit of sertifikaat afgestaan is; en

(d) die transportgewer en die transportnemer 'n oordragvorm voltooi het, deur die Raad goedgekeur en vir die doel van die superintendent verkrygbaar.

(2) 'n Bedrag soos in Bylae VII van hierdie regulasies bepaal, is ten opsigte van 'n oordrag ingevolge hierdie regulasies op die datum van oordrag deur die transportnemer betaalbaar.

(3) Wanneer oordrag plaasvind, moet die superintendent die terreinpermit of sertifikaat van die transportgewer intrek en 'n terreinpermit of sertifikaat aan die transportnemer uitreik.

*Van die hand sit van verbeterings by afsterwe.*

17. (1) By die afsterwe van 'n permit- of sertifikaathouer kan die terreinpermit of sertifikaat aan die erfgename van die afgestorwene oorgedra word: Met dien verstande dat, ondanks andersluidende bepalings in die testament van die afgestorwene—

(a) in die geval van 'n enigste meerderjarige erfgenaam, hy aan die bepalings van paragrawe (b), (c), (d), (e), (f), (g), (h), (i), (k) en (l) van subregulasie (1) van regulasie 9 voldoen;

(b) in die geval van 'n enigste minderjarige erfgenaam, oordrag moet geskied aan sodanige persoon as wat die Naturellekommissaris aanwys, in trust gehou te word vir sodanige minderjarige gedurende sy minderjarigheid, maar niemand mag as trustee goedgekeur word nie, tensy hy aan die bepalings van paragrawe (b), (d), (e), (i), (k) en (l) van subregulasie (1) van regulasie 9 voldoen: Met dien verstande dat, indien sodanige persoon in gebreke bly om sodanige minderjarige of ander afhanklikes van die afgestorwene tot voldoening van die Naturellekommissaris te onderhou, die Raad, onderworpe aan die bepalings van hierdie paragraaf, die terreinpermit of sertifikaat aan sodanige ander persoon kan oordra as wat die Naturellekommissaris aanwys;

(c) ingeval daar twee of meer erfgename is, almal meerderjariges, die oordrag aan slegs een van sodanige erfgename plaasvind asof die bepalings van paragraaf (a) op die geval van toepassing was;

(d) ingeval daar twee of meer erfgename is, sommige meerderjariges en sommige minderjariges, die oordrag aan slegs een van die meerderjarige erfgename plaasvind, asof die bepalings van paragraaf (a) op die geval van toepassing was.

(2) Geen vruggebruiksaandeel mag aan enige persoon ten opsigte van enige terreinpermit of sertifikaat of enige eiendom waarmee sodanige terreinpermit of sertifikaat in verband staan, oorgedra word nie.

(3) By die afsterwe van 'n houer van 'n bouterreinpermit kan die sudperintendent, indien daar 'n aanvang met bouwerksaamhede op die terrein gemaak is, die permit aan die erfgenaam van die afgestorwe houer oordra, mits sodanige erfgenaam die kwalifikasies in subregulasie (1) van regulasie 9 genoem, besit.

(4) By die afsterwe van die houer van enige terreinpermit ten opsigte van 'n terrein waarop daar geen geboue of oprigtings is nie, of waarop daar ongemagtigde geboue of oprigtings is, verval sodanige terreinpermit *ipso facto* en geen regte ten opsigte van sodanige terreinpermit is aan die erfgename van die afgestorwene oordraagbaar nie.

(5) In geval van 'n oordrag kragtens paragraaf (c) of (d) van subregulasie (1), moet die transportnemer sy medeerfgename vir hulle aandele aan sodanige permit of sertifikaat vergoed op die grondslag van 'n waardering van sodanige aandele wat geskied het deur 'n persoon deur die Naturellekommissaris vir dié doel benoem.

(6) Ingeval 'n terreinpermit, sertifikaat of bouterreinpermit nie binne ses maande van die afsterwe van die afgestorwene kragtens subregulasie (1) of (3) oorgedra is nie, verval genoemde permit of sertifikaat en word as ingetrek beskou, tensy die Raad om 'n goeie rede genoemde tydperk verleng het. By sodanige vervalling is die Raad geregtig om onmiddellike besit van die

of the relevant site and improvements thereon and acquire or dispose of the deceased's interests as if the provisions of sub-regulation (5) of regulation 18 applied to the case. Any moneys realised from the disposal of the assets shall, after deducting any amount due to the Council, be paid over to the Native Commissioner for disposal.

(7) The transferee referred to in sub-regulation (1) shall be responsible for the payment of all fees, rents and other charges due in respect of the relevant site at the date of transfer.

(8) The provisions of sub-regulations (2) and (3) of regulation 16 shall apply *mutatis mutandis* in respect of every transfer in terms of this regulation.

(9) Any outstanding balance of a loan granted to the deceased in terms of regulation 14 together with any interest that may have accrued, shall be repaid by the heir in full at the date of transfer: Provided that the Council may, subject to the provisions of regulation 14, permit the heir to be substituted as debtor in the place of the deceased in respect of such outstanding balance.

(10) For the purpose of this regulation a minor is a male under twenty-one years of age or a female under twenty-five years of age.

*Cancellation of Site Permits and Certificates.*

18. (1) A site permit or certificate may, on the superintendent giving the holder or grantee not less than one month's notice, in writing, of his intention to do so, be cancelled by the superintendent on the ground that such holder—

(*a*) has ceased to comply with the provisions of paragraphs (*b*), (*c*), (*e*), (*g*), (*h*) or (*k*) of sub-regulation (1) of regulation 9; or

(*b*) has obtained such site permit or certificate by making a false, incorrect or misleading statement material to the issue of such permit; or

(*c*) has failed to pay any sum for which he is liable in terms of these regulations within one month from due date; or

(*d*) has for a continuous period of more than thirty days before the issue of such notice been unemployed or not following some lawful calling or occupation within the urban area; or

(*e*) has been employed for a continuous period of more than one month outside the urban area except where in terms of his employment he is temporarily following his normal employer to or joining him at places outside the urban area and has notified the superintendent of such fact prior to leaving; or

(*f*) has left or vacated for a period of more than three months the site or dwelling in respect of which the permit or certificate was issued without the written permission of the superintendent; or

(*g*) being a female, she—

(*aa*) has married; or

(*bb*) has entered into a customary union; or

(*cc*) is living in a state of concubinage;

and on such cancellation such holder or grantee and all persons claiming residence in the location through or under him shall immediate leave the location, unless otherwise authorised to remain therein, and he shall forthwith deliver the permit or certificate to the superintendent, but such cancellation shall not affect the right hereby reserved to the Council to recover any rent, loans or charges due and calculated to the date of such cancellation: Provided that—

(i) the Council may exempt any such person from any of the provisions of paragraphs (*a*) to (*g*) inclusive or extend the periods mentioned in paragraphs (*c*), (*d*), (*e*) and (*f*);

betrokke terrein en verbeterings daarop te eis, en die afgestorwene se aandele te verkry of van die hand te sit asof die bepalings van subregulasie (5) van regulasie 18 op die geval van toepassing was. Enige gelde wat behaal word uit die van die hand sit van die bates moet, na die aftrekking van enige bedrag aan die Raad verskuldig, aan die Naturellekommissaris betaal word vir beskikking daaroor.

(7) Die transportnemer in subregulasie (1) vermeld is aanspreeklik vir die betaling van alle gelde, huurgelde en ander tariewe op die datum van oordrag ten opsigte van die betrokke terrein verskuldig.

(8) Die bepalings van subregulasies (2) en (3) van regulasie 16 is *mutatis mutandis* ten opsigte van elke oordrag kragtens hierdie regulasie van toepassing.

(9) Enige uitstaande saldo van 'n lening kragtens regulasie 14 aan die afgestorwende toegestaan, tesame met enige rente wat opgeloop het, moet op die datum van oordrag ten volle deur die erfgenaam terugbetaal word: Met dien verstande dat die Raad, onderworpe aan die bepalings van regulasie 14, die erfgenaam kan toelaat om ten opsigte van sodanige uitstaande saldo in die plek van die afgestorwene as debiteur op te tree.

(10) Vir die toepassing van hierdie regulasie is 'n minderjarige 'n man onder die ouderdom van een-en-twintig jaar, of 'n vrou onder die ouderdom van vyf-en-twintig jaar.

*Intrekking van terreinpermitte en sertifikate.*

18. (1) 'n Terreinpermit of sertifikaat kan, by minstens een maand skriftelike kennisgewing aan die permit of sertifikaathouer deur die superintendent van sy voorneme om dit te doen, deur die superintendent ingetrek word op grond daarvan dat sodanige houer—

(*a*) opgehou het om aan die bepalings van paragrawe (*b*), (*c*), (*e*), (*g*), (*h*) of (*k*) van subregulasie (1) van regulasie 9, te voldoen; of

(*b*) sodanige terreinpermit of sertifikaat verkry het deur 'n valse, inkorrekte of misleidende verklaring met betrekking tot die uitreiking van sodanige permit te doen; of

(*c*) in gebreke gebly het om enige bedrag waarvoor hy kragtens hierdie regulasies aanspreeklik is, binne een maand van die vervaldatum af, te betaal; of

(*d*) vir 'n onafgebroke tydperk van langer as dertig dae voor die uitreiking van sodanige kennisgewing werkloos was of nie een of ander wettige beroep of ambag binne die stadsgebied beoefen het nie; of

(*e*) vir 'n onafgebroke tydperk van langer as een maand buite die stadsgebied werksaam was, uitgesonderd waar hy, ooreenkomstig sy werk, sy gewone werkgewer tydelik volg na of op plekke buite die stadsgebied by hom aansluit en die superintendent voor sy vertrek van sodanige feit in kennis gestel het; of

(*f*) die terrein of woning ten opsigte waarvan die permit of sertifikaat uitgereik is sonder die skriftelike toestemming van die superintendent vir 'n tydperk van langer as drie maande verlaat of ontruim het; of

(*g*) in die geval van 'n vrou, sy—

(*aa*) getrou het; of

(*bb*) 'n gebruiklike verbinding aangegaan het; of

(*cc*) in konkubinaat lewe;

en by sodanige intrekking moet sodanige permit- of sertifikaathouer en alle persone wat deur of onder hom in die lokasie vertoef onmiddellik die lokasie verlaat, tensy andersins gemagtig om daarin te bly, en hy moet sonder verwyl die permit of sertifikaat aan die superintendent oorhandig, maar sodanige intrekking raak nie die reg hierby aan die Raad voorbehou om enige huurgeld, lenings of tariewe verskuldig en betaalbaar tot op die datum van sodanige intrekking, te verhaal nie: Met dien verstande dat—

(i) die Raad enige sodanige persoon van enige van die bepalings van paragrawe (*a*) tot en met (*g*) kan vrystel, of die tydperke vermeld in paragrawe (*c*), (*d*), (*e*) en (*f*) kan verleng;

(ii) a site permit or certificate issued to a person in terms of sub-regulation (1) of regulation 17 shall not be cancelled under the provisions of this sub-regulation as long as such person complied with the provisions of the said regulation 17.

(2) In the event of the location or that portion thereof on which the premises or dwelling referred to in any site permit or certificate are situated, being abolished, the Council may, after having obtained the written permission of the Minister so to do, give the holder or grantee concerned three months' notice, in writing, of the cancellation of such permit or certificate, whereupon such permit or certificate shall be deemed to be cancelled and the provisions of sub-regulation (1) shall *mutatis mutandis* apply.

(3) In the event of the insolvency of the holder of a site permit or of a grantee, or the assignment of his estate, or the attachment of his premises or site permit or certificate, the site permit or certificate shall be deemed to have been cancelled, and the provisions of sub-regulation (1) shall *mutatis mutandis* apply and the superintendent may, on behalf of the Council, resume possession of the premises, subject to the rights of such holder or grantee to compensation for improvements as assessed by the engineer.

(4) Any holder of a site permit or any grantee who has been given notice of the cancellation of his site permit or certificate and who has repaid in full the capital and interest of any loan made to him by the Council in terms of regulation 14 shall have the right before the date of coming into operation of such cancellation to dispose of the improvements erected or acquired by him on the site referred to in such permit or certificate to a person approved by the superintendent or to dispose of such improvements to the Council at a price, in default of agreement, to be determined by the Native Commissioner.

Should such holder or grantee or the Council be dissatisfied with the Native Commissioner's determination, the Council shall dispose of such improvements or interest in improvements by public auction to a person approved by it. Failing such disposal, such holder or grantee may with the approval of the Native Commissioner remove such improvements from such site. Where such site permit or certificate is cancelled on the grounds set out in sub-regulation (2), such holder or grantee shall be entitled to the payment by the Council of compensation assessed at the market value of the improvements on the site referred to in such permit or certificate.

(5) Should any person who has held any site permit or certificate which has been cancelled fail, neglect, or refuse to avail himself of the right set out in sub-regulation (4) the Council shall acquire or dispose of such holder's or grantee's interest at a price to be fixed in consultation with the Native Commissioner, and after deducting the amount of any fees due and any expenses incurred by the Council, shall pay the balance to such holder: Provided that should the Council and the Native Commissioner be unable to come to an agreement in regard to the price referred to in this sub-regulation, the Council shall dispose of such interest by public auction to a person approved by it.

(6) In the event of the death of any holder or grantee referred to in sub-regulations (4) and (5), the person entitled by law to administer the estate of such holder or grantee shall have the same rights under sub-regulation (4) or (5) in respect of the removal, sale or disposal of improvements as such deceased holder or grantee.

*Residential Permits.*

19. (1) Any Native over the age of eighteen years desirous of taking up residence in the location and of occupying, together with the members of his family, a dwelling erected or owned by the Council, shall personally

(ii) 'n terreinpermit of sertifikaat kragtens subregulasie (1) van regulasie 17 aan iemand uitgereik, nie ingevolge die bepalings van hierdie subregulasie ingetrek mag word nie, solank as sodanige persoon aan die bepalings van genoemde regulasie 17 voldoen het.

(2) Ingeval die lokasie of dié gedeelte daarvan waarop die gebou of woning vermeld in enige terreinpermit of sertifikaat geleë is, afgeskaf word, kan die Raad, nadat die Minister se skriftelike toestemming om dit te doen verkry is, aan die betrokke permit- of sertifikaathouer skriftelik drie maande kennis gee van die intrekking van sodanige permit of sertifikaat, waarna sodanige permit of sertifikaat as ingetrek beskou word en die bepalings van subregulasie (1) *mutatis mutandis* van toepassing is.

(3) In geval van die bankrotskap van die houer van 'n terreinpermit of sertifikaat of sy boedelafstand, of die beslaglegging op sy gebou of terreinpermit of sertifikaat, word die terreinpermit of sertifikaat as ingetrek beskou, en die bepalings van subregulasie (1) is *mutatis mutandis* van toepassing en die superintendent kan, namens die Raad, besit van die gebou terugneem, onderworpe aan die regte van sodanige permit- of sertifikaathouer op vergoeding vir verbeterings, soos deur die ingenieur beraam.

(4) Enige houer van 'n terreinpermit of sertifikaat, aan wie kennis gegee is van die intrekking van sy terreinpermit of sertifikaat en wat die hoofsom en rente van enige lening wat kragtens regulasie 14 deur die Raad aan hom verstrek is ten volle terugbetaal het, het die reg om voor die datum van die inwerkingtreding van sodanige intrekking die verbeterings wat deur hom opgerig of verkry is op die terrein in sodanige permit of sertifikaat vermeld, van die hand te sit aan 'n persoon deur die superintendent goedgekeur of om sodanige verbeterings aan die Raad van die hand te sit teen 'n prys, by gebreke van ooreenkoms, deur die Naturellekommissaris bepaal te word.

Indien sodanige permit- of sertifikaathouer of die Raad ontevrede is met die Naturellekommissaris se bepaling, moet die Raad sodanige verbeterings of aandeel aan verbeterings per openbare veiling aan 'n persoon deur hom goedgekeur, van die hand sit. By gebreke aan sodanige van die hand sit, kan sodanige permit- of sertifikaathouer met die goedkeuring van die Naturellekommissaris sodanige verbeterings van sodanige terrein verwyder. Waar sodanige terreinpermit of sertifikaat ingetrek word op die gronde in subregulasie (2) uiteengesit, is sodanige permit- of sertifikaathouer geregtig tot die betaling deur die Raad van vergoeding, beraam teen die markwaarde van die verbeterings op die terrein in sodanige permit of sertifikaat vermeld.

(5) Indien enigiemand wat enige terreinpermit of sertifikaat wat ingetrek is, gehou het, in gebreke bly, nalaat, of weier om gebruik te maak van die reg in subregulasie (4) uiteengesit, moet die Raad sodanige permit- of sertifikaathouer se aandeel verkry of van die hand sit teen 'n prys wat in oorleg met die Naturellekommissaris vasgestel sal word, en na aftrekking van die bedrag van enige verskuldigde gelde en enige uitgawes deur die Raad aangegaan, die saldo aan sodanige houer betaal: Met dien verstande dat by ontstentenis van 'n ooreenkoms tussen die Raad en die Naturellekommissaris aangaande die prys in hierdie subregulasie vermeld, die Raad sodanige aandeel per openbare veiling aan 'n persoon deur hom goedgekeur, van die hand moet sit.

(6) By die afsterwe van enige permit- of sertifikaathouer in subregulasies (4) en (5) vermeld, het die persoon wat by wet geregtig is om die boedel van sodanige permit- of sertifikaathouer te beredder, dieselfde regte ingevolge subregulasie (4) of (5) ten opsigte van die verwydering, verkoop of wegdoen van verbeterings as sodanige afgestorwe permit- of sertifikaathouer.

*Woonpermitte.*

19. (1) Enige Naturel bo die ouderdom van agtien jaar wat hom in die lokasie wil vestig en tesame met die lede van sy gesin 'n woning wat deur die Raad opgerig

apply to the superintendent for a residential permit authorising his residence in the location and occupation of such dwelling. The superintendent on being satisfied that—

(*a*) a suitable dwelling is available in an area set aside for the ethnic group to which the applicant belongs; and

(*b*) such dwelling can be occupied by the applicant and his family; and

(*c*) the applicant is a fit and proper person to reside in the location; and

(*d*) the applicant is employed or is carrying on some lawful occupation within the urban area; and

(*e*) the applicant is lawfully permitted to enter, be and remain in the proclaimed area; and

(*f*) the applicant is not already the holder of a residential permit or site permit or certificate, or the owner of fixed property in the urban area; and

(*g*) the applicant, if he is to occupy a house erected from sub-economic housing funds, falls within the sub-economic group as determined by the Minister in terms of sub-section (1) *bis* of section *twenty* of the Act for Natives falling within the sub-economic group; and

(*h*) the applicant is eligible for a residential permit in terms of the provisions of regulation 23; and

(*i*) the applicant is free from infectious or contagious disease; and

(*j*) the applicant has not been convicted more than once within a period of three years immediately preceding the date of his application of selling or supplying or being in unlawful possession of kaffir beer, or intoxicating liquor as defined in the Liquor Act, 1928, and any amendment or re-enactment thereof, or yeast or malt in any form;

shall issue to such applicant a residential permit in the form set out in Schedule V of these regulations and shall allot to him such dwelling.

(2) A residential permit shall—

(*a*) specify the dwelling allotted;

(*b*) be deemed to be granted only in respect of the dwelling mentioned therein;

(*c*) specify the person to whom it is granted; and

(*d*) specify all persons, excluding lodgers, who are entitled to reside with the holder.

(3) The holder and his wife of a residential permit shall during the currency thereof permanently reside in the dwelling alloted to him and he or his wife shall not absent themselves therefrom or from the location for a period of more than one month without the written permission of the superintendent.

(4) Every residential permit, whether issued before or after the promulgation of this regulation, shall expire on the last day of the month in which it was issued, and the holder thereof, if he desires to continue residing on the premises specified therein shall apply for renewal of such permit to the superintendent on or before the seventh day of the following month, and the superintendent shall renew such permit if he is satisfied that the applicant complies with the provisions of paragraphs (*c*) to (*l*) inclusive of sub-regulation (1).

(5) The occupation of any premises under a residential permit shall be subject to the following conditions:—

(i) The holder of such a permit shall be deemed to be a tenant subject to the following conditions and is herein referred to as such.

(ii) The rental shall be as set out in Schedule VII of these regulations: Provided that where a tenant is issued with a residential permit before the fifteenth day of any month he shall be liable for the full month's rental and if such permit is issued after the fifteenth day of any month he shall be liable for half the rental for that month.

is of waarvan hy die eienaar is, wil okkupeer, moet persoonlik by die superintendent aansoek doen om 'n woonpermit wat sy verblyf in die lokasie en okkupasie van sodanige woning magtig. Die superintendent moet, indien hy daarvan oortuig is dat—

(*a*) 'n geskikte woning beskikbaar is in 'n gebied wat opsy gesit is vir die etniese groep waartoe die applikant behoort; en

(*b*) sodanige woning deur die applikant en sy gesin geokkupeer kan word; en

(*c*) die applikant 'n allesins gewenste persoon is om in die lokasie te woon; en

(*d*) die applikant werksaam is of een of ander wettige ambag binne die stadsgebied beoefen; en

(*e*) die applikant wettig toegelaat word om die geproklameerde gebied te betree, daarin te wees en te bly; en

(*f*) die applikant nie reeds die houer van 'n woon- of terreinpermit of sertifikaat, of die eienaar van vaste eiendom in die stadsgebied is nie; en

(*g*) die applikant, indien hy 'n huis gaan bewoon wat opgerig is uit subekonomiese behuisingsfondse, binne die subekonomiese groep val soos deur die Minister bepaal kragtens subartikel (1) *bis* van artikel *twintig* van die Wet vir Naturelle wat binne die subekonomiese groep val; en

(*h*) die applikant kragtens die bepalings van regulasie 23 vir 'n woonpermit in aanmerking kom; en

(*i*) die applikant nie aan 'n besmetlike of aansteeklike siekte ly nie; en

(*j*) die applikant nie meer as een keer binne 'n tydperk van drie jaar onmiddellik voor die datum van sy aansoek daaraan skuldig bevind is dat hy kafferbier of bedwelmende drank soos omskryf in die Drankwet, 1928, en wysigings of herbepalings daarvan, of gis of mout in watter vorm ook al, verkoop of verskaf het, of onwettig in besit daarvan was nie; en

aan sodanige applikant 'n woonpermit uitreik in die vorm in Bylae V van hierdie regulasies uiteengesit en aan hom sodanige woning toewys.

(2) 'n Woonpermit moet—

(*a*) die woning wat toegewys is, spesifiseer;

(*b*) geag word slegs ten opsigte van die woning daarin vermeld, toegestaan te wees;

(*c*) die persoon aan wie dit toegestaan is, spesifiseer; en

(*d*) alle persone wat geregtig is om by die houer te woon, uitgesonderd loseerders, spesifiseer.

(3) Die houer van 'n woonpermit en sy vrou moet gedurende die gangbaarheid daarvan permanent woon in die woning wat aan hom toegewys is, en hy of sy vrou mag nie vir 'n tydperk van langer as een maand sonder die skriftelike toestemming van die superintendent daarvan of van die lokasie afwesig wees nie.

(4) Iedere woonpermit, hetsy voor of na die afkondiging van hierdie regulasie uitgereik, verval op die laaste dag van die maand waarin dit uitgereik is, en die houer daarvan moet, indien hy op die perseel daarin gespesifiseer wil bly woon, by die superintendent om hernuwing van sodanige permit aansoek doen voor of op die sewende dag van die volgende maand, en die superintendent moet indien hy daarvan oortuig is dat die applikant aan die bepalings van paragrawe (*c*) tot en met (*l*) van subregulasie (1) voldoen, sodanige permit hernuwe.

(5) Die bewoning van enige perseel ingevolge 'n woonpermit is aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(i) Die houer van so 'n permit word geag 'n huurder te wees, aan die volgende voorwaardes onderworpe, en word hierin as sodanig vermeld.

(ii) Die huurgeld is soos in Bylae VII van hierdie regulasies uiteengesit: Met dien verstande dat, waar 'n woonpermit voor die vyftiende dag van enige maand aan 'n huurder uitgereik word, hy vir die hele maand se huurgeld aanspreeklik is en, indien sodanige permit na die vyftiende dag van enige maand uitgereik is, hy vir die helfte van die huurgeld vir dié maand aanspreeklik is.

(iii) The tenant shall not sub-let the premises or portion thereof without the written permission of the superintendent in the form set out in Schedule VIII of these regulations.

(iv) No tenant shall allow any person other than the members of his family as set forth in his application form to occupy, reside or sleep on the premises or any part thereof, and the tenant shall on request by the superintendent eject any person found on his premises in breach of this condition: Provided that the Council may in suitable cases of which it shall be the sole judge, waive compliance with this paragraph on such conditions as it may prescribe.

(v) The premises, together with the garden, yard and fenced area, shall be kept clean and in a neat and proper condition by the tenant and his family.

(vi) The tenant shall be responsible for any damage arising out of the misuse of any sanitary convenience, water-closet, wash-hand basin, bath, sink, and other sanitary fittings in the premises.

(vii) Should the tenant, upon taking possession of the premises, find that the premises and appurtenances are defective or damaged in any way or in a state of disrepair, he shall within 24 hours notify the superintendent thereof, and failure so to notify shall be an acknowledgement on the part of the tenant that the premises are in good state of repair.

(viii) The tenant shall keep the inside of the premises tenanted by him in good repair and free from vermin and dirt, and shall not make alterations or additions to the said premises, whether structural or otherwise, either internally or externally, and shall use the premises for residential purposes only. He shall not in any way deface or damage the premises, installations or fittings and shall be liable for any injury, loss or damage thereto caused by any act, default or neglect on his part or any failure to observe the terms and conditions of his tenancy. He shall not interfere with the water and electrical installations on the premises, and shall be responsible for all keys, locks and other fittings. If the tenant fails to hand back the premises at the expiration of his tenancy, together with the keys, locks and other fittings, etc., in the same good order and condition as they were received by him, the Council shall have the right to replace any articles or things missing and to restore the premises in such good order and condition and to recover the cost thereof from the tenant.

(ix) No animals or birds shall be kept on the premises without the written consent of the superintendent.

(x) No advertisement, signboard, notice or any other thing shall be pinned, affixed or hung on any part of the premises. No washing or drying of clothes or any other articles shall be done except in that portion of the premises to the rear of the buildings.

(xi) No tenant shall interfere with any other tenant by excessive noises or sound or in any other manner inconvenience any other tenant, but the Council shall not be responsible to any tenant for any breach of this condition by any other tenant.

(xii) Save as otherwise provided in these conditions, the Council shall be responsible for repairs to the building, but shall not be liable to any tenant for any loss or damage sustained by him by reason of any defect therein. It shall be the duty of the tenant to acquaint the superintendent, in writing, of any defects in the building.

(iii) Die huurder mag nie sonder die skriftelike toestemming van die superintendent in die vorm in Bylae VIII van hierdie regulasies uiteengesit, die perseel of gedeelte daarvan onderverhuur nie.

(iv) Geen huurder mag enige persoon, uitgesonderd die lede van sy gesin soos in sy aansoekvorm uiteengesit, toelaat om die perseel of enige deel daarvan te okkupeer of daarin te woon of te slaap nie, en die huurder moet op versoek van die superintendent enigiemand wat in stryd met hierdie voorwaarde op sy perseel gevind word, uitsit: Met dien verstande dat die Raad in geskikte gevalle waarvan hy die enigste beoordelaar is, van voldoening aan hierdie paragraaf kan afsien op sodanige voorwaardes as wat hy bepaal.

(v) Die gebou, tesame met die tuin, werf en omheinde gebied moet deur die huurder en sy gesin skoon en in 'n netjiese en behoorlike toestand gehou word.

(vi) Die huurder is aanspreeklik vir enige beskadiging wat uit die misbruik van enige sanitêre gerief, spoelkloset, handewasbak, bad, opwasbak en ander sanitêre toebehore in die gebou, spruit.

(vii) Indien die huurder, by besitneming van die gebou, vind dat die gebou en toebehore op enige wyse gebrekkig of beskadig of in 'n vervalle toestand is, moet hy die superintendent binne 24 uur daarvan in kennis stel en versuim om aldus kennis te gee is 'n erkenning van die huurder dat die gebou in 'n goeie toestand is.

(viii) Die huurder moet die binnekant van die gebou wat deur hom gehuur word goed onderhou en vry van ongedierte en vuilis, en mag nie veranderings of aanbouings aan genoemde gebou maak nie, hetsy struktureel of andersins, nòg aan die binnekant nòg aan die buitekant, en moet die gebou slegs vir woondoeleindes gebruik. Hy mag nie die gebou, installasies of toebehore op enige wyse skend of beskadig nie, en is vir enige letsel, verlies of beskadiging daaraan wat veroorsaak is deur enige handeling, versuim of nalatigheid van sy kant of enige versuim om die bepalings en voorwaardes van sy huurkontrak na te kom, aanspreeklik. Hy mag hom nie met die water- en elektriese installasie op die perseel bemoei nie, en is vir alle sleutels, slotte en ander toebehore aanspreeklik. Indien die huurder in gebreke bly om die gebou tesame met die sleutels, slotte en ander toebehore, ens., in dieselfde goeie toestand as wat hulle deur hom ontvang is, te oorhandig met die verval van sy huur, het die Raad die reg om enige vermiste artikels of dinge te vervang en die gebou in sodanige goeie toestand te herstel en om die koste daarvan op die huurder te verhaal.

(ix) Geen diere of voëls mag sonder die superintendent se skriftelike toestemming op die perseel aangehou word nie.

(x) Geen advertensie, uithangbord, kennisgewing of enigiets anders mag aan enige deel van die perseel vasgesteek, geheg of gehang word nie. Klere of enige ander artikel mag nie gewas of drooggemaak word nie, behalwe in dié gedeelte van die perseel wat aan die agterkant van die gebou is.

(xi) Geen huurder mag hom met enige ander huurder bemoei deur oormatige geraas of geluid, of op enige ander wyse enige ander huurder ongerief aandoen nie, maar die Raad is nie teenoor enige huurder vir enige oortreding van hierdie voorwaarde deur enige ander huurder aanspreeklik nie.

(xii) Die Raad is aanspreeklik vir herstelwerk aan die gebou, behalwe soos andersins in hierdie voorwaardes bepaal, maar is nie teenoor enige huurder vir enige verlies of skade wat deur hom gely word as gevolg van enige gebrek daarin aanspreeklik nie. Dit is die plig van die huurder om die superintendent skriftelik van enige gebreke in die gebou te verwittig.

(xiii) No other means of cooking or heating than that provided by the Council shall be used by the tenant, except with the permission of the superintendent.

(xiv) No portion of the premises other than that shown on the plan approved by the Council as sleeping accommodation, shall be used as a bedroom by the tenant or any other person.

(xv) The tenant shall not permit or commit a nuisance upon the premises, and shall take all necessary steps to comply at all times, with the requirements of the Slums Act, 1934, together with any regulations made thereunder, the Public Health Act, 1919, with any regulations made thereunder and the Public Health By-laws of the Council in force from time to time.

(xvi) Should the tenant or any member of his family or household commit or permit any breach of these conditions of tenancy or any law, by-law or regulation, his residential permit may be cancelled, but such cancellation shall not affect the right hereby reserved to the Council to recover from the tenant all rent due and calculated to the date of such cancellation and/or damages arising by reason of such breach.

(xvii) If, at the expiration of his tenancy, whether by cancellation for any breach of its conditions, or abandonment or in consequence of notice duly given, the tenant leaves any furniture, goods or other belongings on the premises, the same shall be kept by the superintendent in a safe place and if unclaimed within a period of ninety days, shall be sold to the best advantage by the superintendent, who shall, after deducting the amount of any rent or other amount due to the Council, and any expenses, pay the net proceeds into the Native Revenue Account: Provided that, subject to the laws governing the administration and distribution of Native estates, nothing in this regulation contained shall deprive the heir of any deceased tenant of his right to the balance of the proceeds of such property, and provided further that, if the superintendent is of opinion that any property found on the premises of such tenant is of no value and not likely to realise any money, and if two impartial witnesses of good credit and repute confirm his opinion, in writing, the superintendent may, after the lapse of fourteen days of the reletting of the premises, cause the said property to be destroyed and the person to whom such property belonged, shall have no claim against the Council or any other person for any compensation by reason of such destruction.

(xviii) If any vermin is found on the premises when the tenant vacates the same, the Council shall have the right to fumigate the premises, and be entitled to recover, from the tenant, the cost thereof, if the Council considers it necessary to effect fumigation.

(xix) The tenant shall not be entitled to any compensation whatsoever for improvements made by him on the premises and such improvements shall become the absolute property of the Council: Provided that the tenant may, prior to the expiry of his tenancy, remove improvements wherein the opinion of the superintendent, such removal can be effected without damage to the property.

(xx) Should the tenant be or become an employee of the Council, the Council shall have the right to deduct any such rent, as it falls due, from wages or moneys payable by the Council to the said employee.

(xiii) Geen ander kook- of verhittingsmiddels as dié wat deur die Raad verskaf word, mag deur die huurder gebruik word nie, behalwe met die toestemming van die superintendent.

(xiv) Geen ander gedeelte van die gebou as dié wat as slaapplek aangewys is op die plan wat deur die Raad goedgekeur is, mag deur die huurder of enigiemand anders as 'n slaapkamer gebruik word nie.

(xv) Die huurder mag nie 'n oorlas op die perseel toelaat of veroorsaak nie, en moet al die nodige stappe doen om te alle tye te voldoen aan die vereistes van die Slumswet, 1934, tesame met enige regulasies ingevolge daarvan gemaak, die Volksgezondheidswet, 1919, met enige regulasies ingevolge daarvan gemaak en die Openbare Gesondheidsverordeninge van die Raad wat van tyd tot tyd van krag is.

(xvi) Indien die huurder of enige lid van sy gesin of huishouding enige oortreding van hierdie huurvoorwaardes of enige wet, verordening of regulasie begaan of toelaat dat dit begaan word, kan sy woonpermit ingetrek word, maar sodanige intrekking raak nie die reg wat hierby aan die Raad voorbehou word om alle huurgeld wat verskuldig en bereken is tot op die datum van sodanige intrekking en/of skade wat as gevolg van sodanige oortreding ontstaan, van die huurder in te vorder nie.

(xvii) Indien die huurder enige meubels, goedere of ander besittings op die perseel by die verval van sy huur laat, hetsy by intrekking om enige oortreding van die voorwaardes daarvan of verlating, of as gevolg van behoorlik gegewe kennis, moet dit deur die superintendent op 'n veilige plek gehou word en indien binne 'n tydperk van 90 dae onopgeëis, moet dit so voordelig moontlik verkoop word deur die superintendent wat, na aftrekking van die bedrag van enige huurgeld of ander bedrag wat aan die Raad verskuldig is, en enige koste, die netto opbrengs op die Naturelle-inkomsterekening moet inbetaal: Met dien verstande dat, onderworpe aan die wette insake die administrasie en verspreiding van Naturelleboedels, geen bepaling wat in hierdie regulasie vervat is die erfgenaam van enige afgestorwe huurder sy reg op die saldo van die opbrengs van sodanige eiendom ontneem nie, en voorts met dien verstande dat indien die superintendent van mening is dat enige eiendom wat op die perseel van sodanige huurder gevind word van geen waarde is en waarskynlik geen geld sal opbring nie, en indien twee onpartydige getuies van hoë naam en aansien sy mening skriftelik bevestig, die superintendent, na verloop van 14 dae van die weerverhuring van die perseel, genoemde eiendom kan laat vernietig en die persoon aan wie sodanige eiendom behoort het mag geen eis teen die Raad of enige ander persoon vir enige vergoeding weens sodanige vernietiging, instel nie.

(xviii) Indien enige ongedierte op die perseel gevind word wanneer die huurder dit ontruim, het die Raad die reg om die perseel uit te rook en is geregtig om die koste daarvan op die huurder te verhaal, indien die Raad dit nodig ag om die perseel te laat uitrook.

(xix) Die huurder is nie op enige vergoeding van watter aard ookal geregtig vir verbeterings wat deur hom op die perseel aangebring is nie, en sodanige verbeterings word die uitsluitlike eiendom van die Raad: Met dien verstande dat die huurder voor die verval van sy huur verbeterings kan verwyder waar sodanige verbeterings volgens die mening van die superintendent, sonder skade aan die eiendom verwyder kan word.

(xx) Indien die huurder 'n werknemer van die Raad is of word, het die Raad die reg om enige sodanige huurgeld, wanneer dit verskuldig is, van lone of gelde wat deur die Raad aan genoemde werknemer betaalbaar is, af te trek.

*Cancellation of Residential Permits and Transfer of Residential Permit Holder.*

20. (1) After having given the holder of any residential permit 30 days' notice, in writing, of intention to exercise the powers conferred by this sub-regulation, the superintendent may cancel any residential permit on the ground that—

(*a*) the holder has for a continuous period of more than 30 days before the issue of such notice been unemployed or not been following some lawful occupation or calling in the urban area; or

(*b*) the holder has been employed for a continuous period of more than one month outside the urban area except where in terms of his employment he is temporarily following his normal employer to or joining him at places outside the urban area and has notified the superintendent of such fact prior to leaving; or

(*c*) the holder has for a period of 30 days without the written permission of the superintendent left or vacated the dwelling in respect of which such residential permit was issued; or

(*d*) the holder's marriage has been dissolved or his customary union has been terminated, unless within a period of 90 days the holder satisfies the superintendent that he reasonably requires the dwelling in respect of which such permit was issued for the purpose of providing accommodation for the members of his family, or aged, infirm or invalid parents dependent on and actually residing with him; or

(*e*) the holder is a female and has married or entered into a customary union and is unable to satisfy the superintendent that she reasonably requires the dwelling in respect of which such permit was issued for the purpose of providing accommodation for the members of her family, or aged, infirm or invalid parents, dependent on and actually residing with her; or

(*f*) being the occupier of a sub-economic house, the holder has ceased to fall within the sub-economic group as determined by the Minister in terms of sub-section (1) *bis* of section *twenty* of the Act; or

(*g*) the holder has committed a breach of the conditions of tenancy contained in regulation 19; or

(*h*) the holder has ceased to be eligible for a residential permit in terms of the provisions of regulation 23.

(2) On the cancellation of any residential permit under the provisions of sub-regulation (1), the person whose permit has been so cancelled and all persons claiming residence in the location through or under him shall remove forthwith from the location, unless they are otherwise in terms of the Act entitled to remain in the urban area.

(3) Every person to whom the provisions of sub-regulation (2) apply and who does not remove from the location in terms of those provisions shall be deemed to be unlawfully sojourning in the location and may be summarily ejected by the superintendent without resort to any court of law.

(4) Any residential permit may be cancelled by the holder giving the superintendent 30 days' notice, in writing, of intention to cancel.

(5) Whenever a residential permit has been issued to anyone by virtue of his being an employee or representative of a body such as a church, a school, or the Republic, Provincial or Local Government, and such person ceases to hold that office or position, or dies, such permit may be cancelled and such holder and the members of his family shall, when required so to do by notice under the hand of the superintendent, quit the occupation of the premises in which the holder previously resided by virtue of his office or position. If he or any member of his family fails to quit occupation within the time stipulated in such notice the Native Commissioner or magistrate, upon proof of the service of such notice and of failure to comply therewith may, by warrant under his hand, direct any person named in that warrant to enter by force, if necessary, into or upon the premises and eject such person or

*Intrekking van woonpermitte en oorplasing van woonpermithouer.*

20. (1) Nadat aan die houer van enige woonpermit skriftelik 30 dae kennis gegee is van die bedoeling om die bevoegdhede deur hierdie subregulasie verleen, uit te oefen, kan die superintendent enige woonpermit intrek op grond daarvan dat—

(*a*) die houer vir 'n onafgebroke tydperk van langer as 30 dae voor die uitreiking van sodanige kennisgewing werkloos was of nie een of ander wettige ambag of beroep in die stadsgebied beoefen het nie; of

(*b*) die houer vir 'n onafgebroke tydperk van langer as een maand buite die stadsgebied werksaam was, uitgesonderd waar hy ooreenkomstig sy werk sy gewone werkgewer tydelik volg na of op plekke buite die stadsgebied by hom aansluit, en voor sy vertrek die superintendent van sodanige feit in kennis gestel het; of

(*c*) die houer sonder die skriftelike toestemming van die superintendent die woning ten opsigte waarvan sodanige woonpermit uitgereik is, vir 'n tydperk van dertig dae verlaat of ontruim het; of

(*d*) die houer se huwelik ontbind of sy gebruiklike verbinding beëindig is, tensy die houer die superintendent binne 'n tydperk van negentig dae oortuig dat hy die woning ten opsigte waarvan sodanige permit uitgereik is, redelik benodig ten einde verblyfplek te verskaf vir die lede van sy gesin of bejaarde, swak of siek ouers wat van hom afhanklik is en werklik by hom inwoon; of

(*e*) die houer 'n vrou is en 'n huwelik of 'n gebruiklike verbinding aangegaan het en nie in staat is om die superintendent te oortuig dat sy die woning ten opsigte waarvan sodanige permit uitgereik is, redelik benodig nie, ten einde verblyfplek te verskaf vir die lede van haar gesin of bejaarde, swak of siek ouers wat van haar afhanklik is en werklik by haar inwoon; of

(*f*) die houer, synde die bewoner van 'n subekonomiese huis, nie langer binne die subekonomiese groep val soos deur die Minister kragtens subartikel (1) *bis* van artikel *twintig* van die Wet bepaal nie; of

(*g*) die houer 'n oortreding van die huurvoorwaardes in regulasie 19 vervat, begaan het; of

(*h*) die houer nie langer kragtens die bepalings van regulasie 23 vir 'n woonpermit in aanmerking kom nie.

(2) By die intrekking van enige woonpermit kragtens die bepalings van subregulasie (1), moet die persoon wie se permit aldus ingetrek is en alle persone wat deur of onder hom in die lokasie vertoef, sonder verwyl uit die lokasie trek, tensy hulle andersins ingevolge die Wet geregtig is om in die stadsgebied te bly.

(3) Enigiemand op wie die bepalings van subregulasie (2) van toepassing is en wat nie kragtens dié bepalings uit die lokasie trek nie, word geag onwettig in die lokasie te vertoef en kan op staande voet deur die superintendent uitgesit word, sonder om na die hof te gaan.

(4) Enige woonpermit kan deur die houer ingetrek word mits hy die superintendent 30 dae skriftelik kennis gee van sy bedoeling om dit in te trek.

(5) Wanneer 'n woonpermit ook al aan enigiemand uitgereik is uit hoofde daarvan dat hy 'n werknemer of verteenwoordiger van 'n liggaam soos 'n kerk, 'n skool, of die Republiek of Provinsiale Goewerment of die Plaaslike Bestuur is, en sodanige persoon nie langer dié amp of posisie beklee nie, of afsterwe, kan sodanige permit ingetrek word en sodanige houer en die lede van sy gesin moet, wanneer deur kennisgewing onder die hand van die superintendent daartoe aangesê, die bewoning van die perseel waarop die houer vooraf uit hoofde van sy amp of posisie gewoon het, opgee. Indien hy of enige lid van sy gesin in gebreke bly om die bewoning op te gee binne die tydperk wat in sodanige kennisgewing bepaal is, kan die Naturellekommissaris of landdros, by wyse van die uitstuur van sodanige kennisgewing en van versuim om daaraan te voldoen, by volmag onder sy hand, enige persoon wat in dié volmag genoem word beveel om met geweld, indien nodig, die perseel te betree en sodanige persoon

any person wrongfully continuing in occupation and remove therefrom any goods or articles there found which are not the property of the body which employed such holder or appointed him as its representative.

(6) Notwithstanding anything to the contrary contained in these regulations the superintendent, with the concurrence of the manager, shall, where circumstances warrant it and such need arises, be authorised to transfer the holder of any residential permit together with his family to any other municipal accommodation for the purpose of alleviating overcrowding.

*Lodgers' Permit.*

21. (1) (*a*) No person other than a holder or a grantee, or the family of either such holder or grantee shall reside in the location unless he shall first have obtained a lodger's permit in the form set out in Schedule VI of these regulations.

(*b*) The superintendent, on being satisfied that—

(i) the applicant is a fit and proper person to reside in the location; and

(ii) the applicant is lawfully employed within the urban area; and

(iii) the applicant is lawfully permitted to enter, be, and remain within the urban area; and

(iv) the applicant has obtained approved accommodation in the location; and

(v) the fees for a lodger's permit prescribed in Schedule VII have been paid in advance; and

(vi) the applicant has not refused accommodation in a Native hostel or other quarters provided by the Council for accommodation of Natives in the location concerned;

shall issue to such applicant a lodger's permit: Provided that in any special case where the applicant by reason of old age, infirmity, or similar incapacity is unable to satisfy the requirements of sub-paragraph (ii) or (v), the Council may, in its discretion, deal with the application for the issue or the renewal of a lodger's permit as if the requirements of the said paragraphs had been satisfied.

(*c*) Any Native who desires to seek accommodation in the location for the purpose of complying with the provisions of sub-paragraph (iv) of paragraph (*b*) may be granted a temporary permit for the purpose of seeking such accommodation. Such temporary permit shall be valid for 14 days reckoned from and inclusive of the day of issue but shall, in the discretion of the superintendent, be renewed for a further period of fourteen days, after which such Native shall not be eligible for a further temporary permit for a period of ninety days after the expiry of the first temporary permit or (in the case of a renewal) after the expiry of such renewal period.

(2) Every lodger's permit which has been issued before promulgation of these regulations shall expire on the last day of the calendar month next following such promulgation and may thereafter be renewed in the manner, hereinafter set forth as though it had been issued in terms of this regulation.

(3) Every lodger's permit issued in accordance with the provisions of sub-regulation (1) shall expire on the last day of the calendar month in which it was issued.

(4) Every lodger's permit may be renewed within seven days of the date of expiry on application to the superintendent who, if he is satisfied that the applicant fulfils the conditions set out in sub-paragraphs (i) up to and including (vi) of paragraph (*b*) of sub-regulation (1) may renew such lodger's permit. Any permit so renewed shall expire on the last day of the month in which it was renewed.

(5) Every lodger's permit shall show therein the name of the lodger and the name, sex and age of each child who may be entitled to reside with him, and the name of the holder or grantee authorised to accommodate him and his family and the number of the site or dwelling where the

of enige persoon wat verkeerdelik voortgaan met die bewoning, uit te sit en enige goedere of artikels wat daar gevind word wat nie die eiendom is van die liggaam wat sodanige houer in werk geneem het of hom as sy verteenwoordiger aangestel het nie, daarvan te verwyder.

(6) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie regulasies vervat, is die superintendent met die medewerking van die bestuurder, waar omstandighede dit regverdig en die behoefte ontstaan, gemagtig om die houer van enige woonpermit tesame met sy gesin na enige ander munisipale huisvesting oor te plaas ten einde oorbevolking te verlig.

*Loseerderspermitte.*

21. (1) (*a*) Niemand behalwe 'n permit- of sertifikaathouer, of die gesin van òf sodanige permit- òf sertifikaathouer mag in die lokasie woon nie tensy hy eers 'n loseerderspermit verkry het in die vorm in Bylae VI van hierdie regulasies uiteengesit.

(*b*) Die superintendent moet, indien hy daarvan oortuig is dat—

(i) die applikant 'n allesins gewenste persoon is om in die lokasie te woon; en

(ii) die applikant wettig binne die stadsgebied werksaam is; en

(iii) die applikant wettig toegelaat word om die stadsgebied te betree, daarin te wees en te bly; en

(iv) die applikant goedgekeurde huisvesting in die lokasie verkry het; en

(v) die gelde vir 'n loseerderspermit in Bylae VII bepaal, vooruitbetaal is; en

(vi) die applikant nie huisvesting in 'n Naturelletehuis of ander kwartiere wat deur die Raad verskaf word vir huisvesting van Naturelle in die betrokke lokasie geweir het nie;

aan sodanige applikant 'n loseerderspermit uitreik: Met dien verstande dat die Raad in enige spesiale geval waar die applikant weens ouderdom, swakheid of soortgelyke onbekwaamheid nie in staat is om aan die vereistes van subparagraaf (ii) of (v), te voldoen nie, na goeddunke kan handel met die aansoek om die uitreiking of hernuwing van 'n loseerderspermit, asof daar aan die vereistes van genoemde paragrawe voldoen was.

(*c*) 'n Tydelike permit kan aan enige Naturel wat huisvesting in die lokasie wil soek ten einde aan die bepalings van subparagraaf (iv) van paragraaf (*b*) te voldoen, uitgereik word, ten einde sodanige huisvesting te soek. Sodanige tydelike permit is vir 14 dae geldig, van en met inbegrip van die dag van uitreiking bereken, maar moet na goeddunke van die superintendent vir 'n verdere tydperk van veertien dae hernu word, waarna sodanige Naturel vir 'n tydperk van negentig dae na die verval van die eerste tydelike permit of (in geval van 'n hernuwing) na die verval van sodanige hernuwingstydperk nie vir 'n verdere tydelike permit in aanmerking kom nie.

(2) Iedere loseerderspermit wat voor die afkondiging van hierdie regulasies uitgereik is, verval op die laaste dag van die kalendermaand wat volg op sodanige afkondiging en kan daarna hernuwe word op die wyse wat hierna uiteengesit is, asof dit kragtens hierdie regulasie uitgereik was.

(3) Iedere loseerderspermit wat ooreenkomstig die bepalings van subregulasie (1) uitgereik is, verval op die laaste dag van die kalendermaand waarin dit uitgereik is.

(4) Iedere loseerderspermit kan binne sewe dae van die vervaldatum hernu word op aansoek by die superintendent, wat, indien hy daarvan oortuig is dat die applikant voldoen aan die voorwaardes in subparagrawe (i) tot en met (vi) van paragraaf (*b*) van subregulasie (1) uiteengesit, sodanige loseerderspermit kan hernu. Enige permit wat aldus hernuwe is, verval op die laaste dag van die maand waarin dit hernuwe is.

(5) Iedere loseerderspermit moet daarin die naam van die loseerder en die naam, geslag en ouderdom van elke kind aanwys wat geregtig is om by hom in te woon, en die naam van die permit- of sertifikaathouer wat gemagtig is om hom en sy gesin te huisves asook die nommer van

holder of such lodger's permit and his family are to be accommodated. No holder of a lodger's permit shall reside on any site or in any dwelling other than that shown in his lodger's permit.

(6) A lodger's permit shall not be transferable and shall lapse and be *ipso facto* cancelled upon the holder thereof changing his residence as specified in such permit, or on the cancellation, lapse or termination of the respective site or residential permit.

(7) The superintendent shall not issue a lodger's permit unless the holder or grantee with whom the applicant proposes to lodge has consented to the issue thereof.

(8) A holder or grantee of premises in respect of which a lodger's permit has been issued shall forthwith report to the superintendent the fact of the lodger ceasing to reside on his premises.

(9) No person shall in the location harbour or permit or allow to reside in any building or place under his control any person not in possession of a valid lodger's permit issued in respect of his site and in respect of which permit the necessary fees have not been paid in accordance with the tariff, except when such person is otherwise authorised in terms of these regulations to reside therein.

(10) In respect of each and every person to whom a lodger's permit has been issued in terms of this regulation a fee specified in Schedule VII of these regulations shall be paid in advance to the Council by the holder or granted in respect of the site or premises on which such lodger resides.

(11) (*a*) Not withstanding anything to the contrary in these regulations contained, whenever any person is, by virtue of his being an employee or representative of a body such as a recognised church, a school, or the Republic, Provincial or Local Government, required to reside in quarters in the location in respect of which such body is liable for any fees and charges under these regulations, the superintendent shall issue lodgers' permits free of charge to such person and the members of his family: Provided that no such permit shall be issued to any person unless the superintendent is satisfied in regard to the requirements of sub-paragraphs (i) to (vi) of paragraph (*b*) of sub-regulation (1).

(*b*) Whenever a lodger's permit has been issued to anyone, by virtue of his being an employee or representative of a body such as a church, a school, or the Republic, Provincial or Local Government, and such person ceases to hold that office or position, or dies, such permit may be cancelled and such holder and the members of his family shall, when required to do so by notice under the hand of the superintendent, quit the occupation of the premises in which the holder previously resided by virtue of his office or position. If he or any member of his family fails to quit occupation within the time stipulated in such notice the Native Commissioner or magistrate, upon proof of the service of such notice and of failure to comply therewith, may, by warrant under his hand, direct any person named in that warrant to enter by force, if necessary, into or upon the premises and eject such person or any person wrongfully continuing in occupation and remove therefrom any goods or articles there found which are not the property of the body which employed such holder or appointed him as its representative.

*Visitors' Permits.*

22. (1) Every visitor to the location who arrives at the location during the office hours of the superintendent shall report himself immediately on arrival to the superintendent and if he arrives at any other time shall report himself immediately on arrival to such other officer as may be appointed for the purpose by the Council.

die terrein of woning waar die houer van sodanige loseerderspermit en sy gesin gehuisves gaan word. Geen houer van 'n loseerderspermit mag op enige ander terrein of in enige ander woning woon as wat in sy loseerderspermit aangewys word nie.

(6) 'n Loseerderspermit is nie oordraagbaar nie en verval en is *ipso facto* ingetrek sodra die houer daarvan van sy woonplek, soos in sodanige permit gespesifiseer, verander, of by die intrekking, verval of beëindiging van die betrokke terrein- of woonpermit.

(7) Die superintendent mag nie 'n loseerderspermit uitreik nie, tensy die permit- of sertifikaathouer by wie die applikant voornemens is om te loseer, in die uitreiking daarvan toegestem het.

(8) 'n Permit- of sertifikaathouer ten opsigte van persele ten opsigte waarvan 'n loseerderspermit uitgereik is moet sonder verwyl aan die superintendent die feit rapporteer dat die loseerder nie langer op sy perseel woon nie.

(9) Niemand mag enigiemand wat nie in besit is van 'n geldige loseerderspermit wat ten opsigte van sy terrein uitgereik is en ten opsigte van welke permit die nodige gelde ooreenkomstig die tarief nie betaal is nie, in die lokasie herberg of toelaat of veroorloof om in enige gebou of plek onder sy beheer, te woon nie, behalwe wanneer sodanige persoon andersins kragtens hierdie regulasies gemagtig is om daarin te woon.

(10) Ten opsigte van iedereen aan wie 'n loseerderspermit kragtens hierdie regulasie uitgereik is, moet 'n bedrag in Bylae VII van hierdie regulasies gespesifiseer deur die permit- of sertifikaathouer ten opsigte van die terrein of gebou waarop sodanige loseerder woon, aan die Raad voortuitbetaal word.

(11) (*a*) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie regulasies vervat, moet die superintendent, wanneer ook al van enigiemand uit hoofde daarvan dat hy 'n werknemer of verteenwoordiger van 'n liggaam soos 'n erkende kerk, 'n skool, of die Republiek of Provinsiale Goewerment of die Plaaslike Bestuur is, verlang word dat hy in kwartiere in die lokasie ten opsigte waarvan sodanige liggaam aanspreeklik is vir enige gelde en vorderings ingevolge hierdie regulasies, moet woon, kosteloos aan sodanige persoon en die lede van sy gesin loseerderspermitte uitreik: Met dien verstande dat geen sodanige permit aan enigiemand uitgereik mag word nie, tensy die superintendent daarvan oortuig is dat die vereistes van subparagrawe (i) tot (vi) van paragraaf (*b*) van subregulasie (1) nagekom is.

(*b*) Wanneer 'n loseerderspermit ook al aan enigiemand uitgereik is uit hoofde daarvan dat hy 'n werknemer van 'n liggaam soos 'n kerk, 'n skool, of die Republiek of Provinsiale Goewerment of die Plaaslike Bestuur is, en sodanige persoon nie langer dié amp of posisie beklee nie, of afsterwe, kan sodanige permit ingetrek word en sodanige houer en die lede van sy gesin moet, wanneer deur kennisgewing onder die hand van die superintendent daartoe aangesê, die bewoning van die gebou waarin die houer voorheen weens sy amp of posisie gewoon het opgee. Indien hy of enige lid van sy gesin in gebreke bly om die bewoning op te gee binne die tydperk wat in sodanige kennisgewing bepaal is, kan die Naturellekommissaris of landdros by bewys van die uitstuur van sodanige kennisgewing en van versuim om daaraan te voldoen, by volmag onder sy hand, enige persoon wat in dié volmag genoem word beveel om met geweld, indien nodig, die perseel te betree en sodanige persoon of enige persoon wat verkeerdelik voortgaan met die bewoning, uit te sit en enige goedere of artikels wat daar gevind word wat nie die eiendom is van die liggaam wat sodanige houer in werk geneem het of hom as sy verteenwoordiger aangestel het nie, daarvan te verwyder.

*Besoekerspermitte.*

22. (1) Iedere besoeker aan die lokasie wat gedurende die kantoorure van die superintendent in die lokasie aankom, moet hom onmiddellik by aankoms by die superintendent aanmeld en indien hy op enige ander tyd aankom, moet hy hom onmiddellik by aankoms aanmeld by sodanige ander amptenaar as wat deur die Raad vir die doel aangestel is.

(2) If the superintendent or such other officer—

(a) is of the opinion that such visitor is a fit and proper person to be in the location; and

(b) considers that such visitor is not suffering from any infectious or contagious disease; and

(c) is satisfied in the case of a Native that such visitor is not disqualified in terms of section *ten* of the Act to be in the proclaimed area; and

(d) is satisfied in the case of a Native that such visitor is authorised to occupy approved accommodation in the proclaimed area but outside the location;

he shall issue to such visitor a visitor's permit, which shall be valid for such period as the superintendent or such other officer shall prescribe thereon: Provided that a visitor who normally resides outside the urban area need not comply with the requirements of paragraphs (c) and (d): Provided further that a visitor who has been issued with a temporary permit in terms of paragraph (c) of sub-regulation (1) of regulation 21 shall not be eligible to receive a visitor's permit within ninety days after the expiry of such temporary permit or the last renewal thereof, except in case of urgent necessity.

(3) Every applicant in respect of a visitor's permit issued in terms of these regulations, shall pay in advance at the office of the superintendent, the moneys as prescribed in Schedule VII.

*General Provisions regarding Permits and Presence in the Location.*

23. (1) No male Native shall be eligible for a site permit or a certificate or a residential permit unless he proves to the satisfaction of the superintendent—

(a) that, if he is a party to more than one customary union, only one of the female parties to such union is residing in the location and that she is residing with him; or

(b) that, if during the subsistence of a customary union he has contracted a marriage, only the wife and not the female party to the customary union is residing in the location and that such wife is residing with him; or

(c) that he is a party to a subsisting marriage, and his wife is residing with him; or

(d) that if the provisions of paragraphs (a) to (c) do not apply, he is the sole support of an aged, infirm, or invalid parent who resides with him and that he is not co-habiting with a woman with whom he has not entered into a customary union.

(2) In addition to any other information which the superintendent may require for the proof of any of the matters referred to in paragraphs (a) to (d) of sub-regulation (1) every male Native applicant shall—

(a) if he is married, furnish the superintendent with a certified copy of his marriage certificate which shall be filed by the superintendent in the Council's records for the purpose of permanent record; or

(b) if there subsists any customary union between the applicant and any woman, make a declaration upon oath before the magistrate or Native Commissioner of the district in which he is domiciled at the time of his application as to the name of every woman who is a party to a customary union with him and the name of every child of such customary union and the nature and amount of "lobola" given by him for every such woman according to Native custom and such other information relating to such union as such magistrate or Native Commissioner may require him to give; and a copy of such declaration duly certified by such magistrate or Native Commissioner shall be supplied by the applicant to the superintendent who shall file it in the Council's records for the purposes of permanent record.

(2) Indien die superintendent of sodanige ander amptenaar—

(a) van mening is dat sodanige besoeker 'n allesins gewenste persoon is om in die lokasie te wees; en

(b) meen dat sodanige besoeker nie aan enige besmetlike of aansteeklike siekte ly nie; en

(c) daarvan oortuig is dat, in geval van 'n Naturel sodanige besoeker nie kragtens artikel *tien* van die Wet gediskwalifiseer is om in die geproklameerde gebied te wees nie; en

(d) daarvan oortuig is dat, in geval van 'n Naturel sodanige besoeker gemagtig is om goedgekeurde huisvesting in die geproklameerde gebied, maar buite die lokasie te bewoon;

moet hy aan sodanige besoeker 'n besoekerspermit uitreik, wat geldig is vir sodanige tydperk as wat die superintendent of sodanige ander amptenaar daarop bepaal: Met dien verstande dat 'n besoeker wat gewoonlik buite die stadsgebied woon, nie aan die vereistes van paragrawe (c) en (d) hoef te voldoen nie: Voorts met dien verstande dat 'n besoeker aan wie 'n tydelike permit kragtens paragraaf (c) van subregulasie (1) van regulasie 21 uitgereik is, nie geskik is om binne negentig dae na die verval van sodanige tydelike permit of die laaste hernuwing daarvan 'n besoekerspermit, behalwe in geval van dringende nood, te ontvang nie.

(3) Elke aansoeker ten opsigte van 'n besoekerspermit wat ingevolge hierdie regulasies uitgereik is moet die gelde soos voorgeskryf in Bylae VII by die kantoor van die superintendent vooruitbetaal.

*Algemene bepalings betreffende permitte en aanwesigheid in die lokasie.*

23. (1) Geen manlike Naturel kom in aanmerking vir 'n terreinpermit of 'n sertifikaat of 'n woonpermit nie, tensy hy tot voldoening van die superintendent bewys—

(a) dat, indien hy 'n deelnemer aan meer as een gebruiklike verbinding is, slegs een van die vroulike deelnemers aan sodanige verbinding in die lokasie woon en dat sy by hom inwoon; of

(b) dat, indien hy gedurende die bestaan van 'n gebruiklike verbinding 'n huwelik aangegaan het, slegs die eggenote en nie die vroulike deelnemer aan die gebruiklike verbinding nie in die lokasie woon en dat sodanige eggenote by hom inwoon; of

(c) dat hy 'n deelnemer is aan 'n bestaande huwelik en dat sy eggenote by hom inwoon; of

(d) dat, indien die bepalings van paragrawe (a) tot (c) nie van toepassing is nie, hy die uitsluitlike steun is van 'n bejaarde, swak, of siek ouer wat by hom inwoon en dat hy nie met 'n vrou met wie hy nie 'n gebruiklike verbinding aangegaan het, saamlewe nie.

(2) Benewens enige ander inligting wat die superintendent vereis vir die bewys van enige van die aangeleenthede in paragrawe (a) tot (d) van subregulasie (1) vermeld, moet iedere manlike Naturelleapplikant—

(a) indien hy getroud is, 'n gesertifiseerde afskrif van sy huweliksertifikaat aan die superintendent verskaf, wat deur die superintendent vir die doel van 'n permanente rekord in die Raad se rekords bewaar moet word; of

(b) indien daar enige gebruiklike verbinding tussen die applikant en enige vrou bestaan, 'n beëdigde verklaring voor die landdros of Naturellekommissaris van die distrik waarin hy ten tyde van sy aansoek gevestig is, aflê, betreffende die naam van iedere vrou wat 'n deelnemer is aan 'n gebruiklike verbinding met hom en die naam van iedere kind uit sodanige gebruiklike verbinding en die aard en bedrag van „lobola" wat deur hom ooreenkomstig Naturellegebruik vir iedere sodanige vrou betaal is, en sodanige ander inligting betreffende sodanige verbinding as wat sodanige landdros of Naturellekommissaris hom aansê om te gee; en 'n afskrif van sodanige verklaring behoorlik deur sodanige landdros of Naturellekommissaris gesertifiseer, moet deur die applikant verskaf word aan die superintendent wat dit vir die doel van permanente rekord in die Raad se rekords moet bewaar.

(3) No female Native shall be eligible for a site permit or a certificate or a residential permit unless she satisfies the superintendent that—

(a) she is a widow with children dependent on and actually residing with her; or

(b) she has been divorced or has been abandoned by her customary partner and has children dependent on and actually residing with her; or

(c) in the case of a site permit or a certificate—

(i) she has inherited any improvements on the site in question and the Native Commissioner has certified the fact of such inheritance and authorised the transfer of such permit or certificate to her; and

(ii) she is not already a grantee or the holder of a site permit or a grantee in terms of these regulations.

*Permits and Certificates to be Signed.*

24. (1) Every person to whom any permit or certificate is issued or granted in terms of the provisions of these regulations shall sign such permit or certificate and the counterfoil thereof, or, if he is unable to sign his name, shall affix his left thumb-print to such permit or certificate and counterfoil in the presence and under the supervision of the superintendent in the manner and place directed by the superintendent. If in the opinion of the superintendent the permit holder or grantee's left-thumb-print will not provide sufficient means of identification, he may require such holder or grantee to affix an imprint of his left thumb or other manual digit or of one or the other of the palms of his hands, and the superintendent shall indicate on the permit or certicate and counterfoil what part of the body is represented by such imprint.

(2) Any permit or certificate which is not signed or imprinted in accordance with the provisions of sub-regulation (1) shall be invalid, and deemed never to have been issued or granted.

*Control of Games and Entertainments.*

25. (1) No person shall in the location conduct or carry on or take part in any game or entertainment which is likely to create a disturbance or be a nuisance or an annoyance to the residents or officials or be indecent or subversive of good morals.

(2) No registered occupier of any site or dwelling in the location or any resident in any hostel shall permit any such game or entertainment to take place on his premises.

(3) No person shall gamble or play any game of chance in any street or on any premises in the location. For the purpose of this sub-regulation the word "premises" includes any vehicle in a location.

*Assemblies and Entertainments.*

26. (1) No assembly or entertainment in the location shall be held without the approval of the superintendent, nor shall any assembly or entertainment in the location be continued later than 11 p.m. without the written permission of the superintendent.

(2) No person shall, without the prior written approval of the superintendent, collect any money for other than bona fide church purposes from the persons present at any entertainment or assembly in a location.

(3) No person, having held an entertainment or assembly in the location shall cause or allow such entertainment or assembly to continue later than the time permitted in terms of sub-regulation (1), and no person shall take part in any assembly or attend any entertainment after such time.

(4) Nothing in this regulation contained shall apply to any entertainment or assembly for bona fide wedding, funeral or church purposes.

(3) Geen Naturellevrou kom vir 'n terreinpermit of 'n sertifikaat of 'n woonpermit in aanmerking nie, tensy sy die superintendent daarvan oortuig dat—

(a) sy 'n weduwee is met kinders wat van haar afhanklik is en werklik by haar inwoon; of

(b) sy geskei is of deur haar gebruiklike deelhebber verlaat is en kinders het wat van haar afhanklik is en werklik by haar inwoon; of

(c) in geval van 'n terreinpermit of sertifikaat—

(i) sy enige verbeterings op die betrokke terrein geërf het en die Naturellekommissaris die feit van sodanige erfporsie gesertifiseer het en die oordrag van sodanige permit of sertifikaat aan haar gemagtig het; en

(ii) sy nie reeds kragtens hierdie regulasies 'n sertifikaathouer of die houer van 'n terreinpermit is nie.

*Permitte en sertifikate onderteken te word.*

24. (1) Iedereen aan wie enige permit of sertifikaat kragtens die bepalings van hierdie regulasies uitgereik of toegestaan is, moet sodanige permit of sertifikaat en die teenblad daarvan onderteken, of indien hy nie in staat is om sy naam te teken nie, in die aanwesigheid en onder die toesig van die superintendent sy linkerduimafdruk op sodanige permit of sertifikaat en teenblad aanbring op die wyse en plek wat deur die superintendent aangewys word. Indien die permit- of sertifikaathouer se linkerduimafdruk volgens die mening van die superintendent nie genoegsame identifikasiemiddele verskaf nie, kan hy sodanige permit- of sertifikaathouer aansê om 'n afdruk van sy linkerduim of ander vinger van sy hand of van die een of die ander palms van sy hande aan te bring, en die superintendent moet op die permit of sertifikaat en teenblad aanwys watter gedeelte van die liggaam deur sodanige afdruk verteenwoordig word.

(2) Enige permit of sertifikaat wat nie ooreenkomstig die bepalings van subregulasie (1) onderteken of bedruk is nie, moet as ongeldig en nooit uitgereik of toegestaan nie, beskou word.

*Beheer oor spele en vermaaklikhede.*

25. (1) Niemand mag enige spel of vermaaklikheid wat 'n versteuring kan veroorsaak of 'n ergernis vir of tot oorlas van inwoners of amptenare kan wees of onwelvoeglik of ondermynend vir goeie sedes kan wees, in die lokasie voer, voortsit of daaraan deelneem nie.

(2) Geen geregistrerede bewoner van enige terrein of woning in die lokasie of enige inwoner van enige tehuis mag toelaat dat enige sodanige spel of vermaaklikheid op sy perseel plaasvind nie.

(3) Niemand mag in enige straat of op enige perseel in die lokasie dobbel of enige dobbelspel speel nie. Vir die toepassing van hierdie subregulasie sluit die woord „perseel" enige voertuig in 'n lokasie in.

*Byeenkomste en vermaaklikhede.*

26. (1) Niemand mag enige byeenkoms of vermaaklikheid in die lokasie hou sonder die voorafverkreë goedkeuring van die superintendent nie, en ook mag geen byeenkoms of vermaaklikheid in die lokasie later as 11 nm. voortgesit word nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die superintendent nie.

(2) Niemand mag sonder die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die superintendent enige geld behalwe vir *bona fide*-kerkdoeleindes insamel van die persone wat by enige vermaaklikheid of byeenkoms in 'n lokasie aanwesig is nie.

(3) Niemand wat 'n byeenkoms of 'n vermaaklikheid in die lokasie gehou het, mag veroorsaak of toelaat dat sodanige vermaaklikheid of byeenkoms later voortgaan as die tyd kragtens subregulasie (1) toegelaat nie, en niemand mag na sodanige tyd aan enige byeenkoms deelneem of enige vermaaklikheid bywoon nie.

(4) Geen bepaling wat in die regulasie vervat is, is op enige vermaaklikheid of byeenkoms vir *bona fide*-huweliks-, begrafnis- of kerkdoeleindes van toepassing nie.

*Unauthorised Residence on or Occupation of Sites.*

27. (1) Subject to any provisions regarding lodgers contained in these regulations, no person other than a holder or a grantee and the members of his family shall in terms of these regulations reside on or occupy any site in any location.

(2) No holder or grantee shall permit any unauthorised person to be anywhere on his premises at any time.

*Registered Occupiers to Report Changes in Household.*

28. Every holder or grantee shall report to the superintendent—

(*a*) any change in the particulars of the persons liable to be recorded in the register of occupiers in respect of the premises occupied by such holder or grantee;

(*b*) when a male member of his family attains the age of eighteen years;

(*c*) when a female member of his family attains the age of twenty-one years;

(*d*) when any person whose particulars are recorded in the register of occupiers ceases to be a member of his family.

*Reports of Births and Deaths.*

29. The holder or grantee in respect of any dwelling in which a birth or death occurs, or in the case of the death or incapacity of such holder or grantee, the eldest adult resident in such dwelling shall forthwith report to the superintendent all the facts necessarily required for the proper keeping of any register which the superintendent may be required to keep.

*Information to be Supplied.*

30. (1) For the purpose of enabling the superintendent to keep any register required by these regulations every inhabitant of a location shall give the superintendent on request, such information as the superintendent may require.

(2) Any person found in the location shall on demand furnish the superintendent or any of his assistants with his full name and address.

*Fences in or Around the Location.*

31. No person shall climb on to, under or through any gate, fence, wall or railing (being the property of the Council) in or around the location, or enter or leave the location or any municipal enclosure therein otherwise than through some authorised means of ingress or egress.

*Damage or Removal of Fences, Gates and Walls.*

32. No person shall unlawfully remove or damage any gate, fence, wall or railing (being the property of the Council) enclosing or within the location without the authority of the Council.

*Dangerous Weapons.*

33. (1) No Native shall carry a knobkerrie or dangerous weapon in the urban area unless he is able to prove that such knobkerrie or weapon is required by him for a lawful purpose.

(2) For the purpose of sub-regulation (1), "dangerous weapon" has the meaning assigned thereto by sub-section (3) of section *ten* of the General Law Amendment Act, 1949.

(3) A court convicting any person of a contravention of sub-regulation (1) may, in addition to any other penalty, order the confiscation of the knobkerrie or weapon in respect of which such person is convicted.

*Damaging of Trees, Wastage of Water.*

34. (1) No person shall without the authority of the superintendent damage or destroy any tree, hedge, road, building or erection or any pipe, water tap or refuse receptacle in the location which is the property of the Council.

*Ongemagtigde inwoning op of bewoning van terreine.*

27. (1) Onderworpe aan enige bepalings betreffende loseerders, in hierdie regulasies vervat, mag niemand behalwe 'n permit- of sertifikaathouer en die lede van sy gesin kragtens hierdie regulasies op enige terrein in enige lokasie inwoon of dit bewoon nie.

(2) Geen permit- of sertifikaathouer mag te eniger tyd enige ongemagtigde persoon toelaat om op sy perseel te wees nie.

*Geregistreerde bewoners enige veranderings in huishouding aan te meld.*

28. Iedere permit- of sertifikaathouer moet by die superintendent aanmeld—

(*a*) enige verandering in die besonderhede van die persone wat in die register van bewoners aangeteken moet word, ten opsigte van die perseel wat deur sodanige permit- of sertifikaathouer bewoon word;

(*b*) wanneer 'n manlike lid van sy gesin die ouderdom van agtien jaar bereik;

(*c*) wanneer 'n vroulike lid van sy gesin die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik;

(*d*) wanneer enigiemand wie se besonderhede in die register van bewoners aangeteken is, nie langer 'n lid van sy gesin is nie.

*Aanmelding van geboortes en sterfgevalle.*

29. Die permit- of sertifikaathouer ten opsigte van enige woning waarin 'n geboorte of sterfgeval plaasvind, of in geval van die dood of onvermoë van sodanige permit- of sertifikaathouer, die oudste volwasse inwoner van sodanige woning, moet alle nodige feite wat vereis word om die registers waarvoor die superintendent verantwoordelik is behoorlik by te hou, sonder verwyl aan die superintendent verstrek.

*Inligting verstrek te word.*

30. (1) Ten einde die superintendent in staat te stel om enige register by te hou wat by hierdie regulasies vereis word, moet iedere inwoner van 'n lokasie op versoek sodanige inligting as wat die superintendent vereis aan die superintendent verstrek.

(2) Enigiemand wat in die lokasie aangetref word, moet op aanvraag sy volle naam en adres aan die superintendent of enige van sy assistente verstrek.

*Heinings in of rondom die lokasie.*

31. Niemand mag op, onder of deur enige hek, heining, muur of reling (wat die eiendom van die Raad is) in of rondom die lokasie klim of die lokasie of enige munisipale afperking daarin anders betree of verlaat as deur een of ander gemagtigde ingang of uitgang nie.

*Beskadiging of verwydering van heinings, hekke en mure.*

32. Niemand mag wederregtelik enige hek, heining, muur of reling (wat die eiendom van die Raad is) wat die lokasie afperk of binne die lokasie is, sonder die magtiging van die Raad verwyder of beskadig nie.

*Gevaarlike wapens.*

33. (1) Geen Naturel mag 'n knopkierie of gevaarlike wapen in die stadsgebied dra nie, tensy hy kan bewys dat sodanige knopkierie of wapen vir 'n wettige doel deur hom benodig word.

(2) Vir die toepassing van subregulasie (1) het „gevaarlike wapen" die betekenis wat by subartikel (3) van artikel *tien* van die Algemene Regswysigingswet, 1949, daaraan geheg word.

(3) 'n Hof wat enigiemand aan 'n oortreding van subregulasie (1) skuldig bevind kan, benewens enige ander straf, die beslaglegging op die knopkierie of wapen ten opsigte waarvan sodanige persoon skuldig bevind is, beveel.

*Beskadiging van bome, vermorsing van water.*

34. (1) Niemand mag enige boom, heg, pad, gebou of oprigting of enige pyp, waterkraan of vuilgoedbak in die lokasie wat die eiendom van die Raad is, sonder die magtiging van die superintendent beskadig of vernietig nie.

(2) No person shall wilfully waste any water supplied by the Council through taps for the use of persons in the location. Any person requiring any water from any tap shall provide himself with and use a water-tight container for the purpose and no water shall be drawn from any tap at any one time in excess of the capacity of such container which, on being filled to the required capacity, shall forthwith be removed to the habitation of such person. Except with the approval of the superintendent, no water shall be drawn from any tap for other than domestic purposes.

*Sites and Buildings to be Kept Clean.*

35. (1) The holder of a site permit or a grantee shall keep the site to which his permit or certificate relates, as well as all buildings and structures thereon, clean and free from vermin.

(2) The holder of a residential permit shall keep the site to which such permit relates, as well as all buildings and structures thereon, clean and free from vermin, and shall keep the building and structures thereon in good condition, fair wear and tear excepted, and shall not deface or damage the premises, buildings, structures, installations and fittings therein or thereon nor shall he interfere or meddle with the water, electrical or drainage installations therein or thereon.

*Exclusion of Unauthorised Persons.*

36. (1) No person shall enter, be or remain in a location temporarily without a visitor's permit issued in terms of regulation 22 unless—

(*a*) he is otherwise permitted by these regulations to be in the location; or

(*b*) he is excluded from the definition of visitor.

(2) Any person found in a location in contravention of sub-regulation (1) may be ordered by the superintendent to leave the location within a specified time and any person who fails to obey such order shall be deemed to be unlawfully sojourning in the location and may be summarily ejected by the superintendent.

(3) The driver of any vehicle desiring to enter the location shall stop such vehicle at the entrance thereof to enable any person on such vehicle to apply for the necessary permission to enter the location.

*Tariff of Rent and Charges.*

37. Every person liable for any fees or charges under these regulations shall pay such amount, monthly in advance, at the office of the superintendent, in accordance with the tariff contained in Schedule VII of these regulations.

*Rent and Charges.*

38. Every person who is liable for the payment of any sum under these regulations shall, unless otherwise stipulated, pay such sum within twenty-one days from the date on which it becomes due and payable.

*Ejectment for Default.*

39. (1) Notwithstanding any action taken in terms of regulation 38 any person who fails to pay any sum for which he is liable under these regulations within twenty-one days of the date on which such sum becomes due and payable, may be ordered by the superintendent to remove together with all other persons claiming residence in the location through or under him from the location forthwith. Any person failing to comply with such order shall be deemed to be sojourning unlawfully in the location and may be summarily ejected from the location by the superintendent.

(2) Any person claiming residence in the location through or under any person who is ordered to remove from the location under the provisions of sub-regulation (1) shall upon the failure of the person so ordered to comply therewith be deemed to be unlawfully sojourning in the location and may be summarily ejected by the superintendent.

(2) Niemand mag moedswillig enige water wat deur krane vir die gebruik van persone in die lokasie deur die Raad verskaf word, vermors nie. Enigiemand wat enige water uit enige kraan nodig het, moet hom voorsien en vir die doel gebruik maak van 'n waterdigte houer en geen water mag op enige besondere tyd uit die kraan getap word nie, bo die vermoë van sodanige houer wat, wanneer dit tot die vereiste vermoë gevul is, sonder verwyl na die verblyfplek van sodanige persoon verwyder moet word. Behalwe met die goedkeuring van die superintendent mag geen water, behalwe vir huishoudelike doeleindes uit enige kraan getap word nie.

*Terreine en geboue skoongehou te word.*

35. (1) Die houer van 'n terreinpermit of 'n sertifikaat moet die terrein in verband waarmee sy permit of sertifikaat staan, sowel as alle geboue en strukture daarop, skoon- en vry van ongedierte hou.

(2) Die houer van 'n woonpermit moet die terrein in verband waarmee sodanige permit staan, sowel as alle geboue en strukture daarop, skoon- en vry van ongedierte hou, en moet die geboue en strukture daarop, afgesien van billike slytasie, in 'n goeie toestand hou, en mag nie die terrein, geboue, strukture, installasies en toebehore daarin of daarop skend of beskadig nie, ook mag hy hom nie met die water-, elektriese of dreineringsinstallasie daarin of daarop bemoei of inlaat nie.

*Uitsluiting van ongemagtigde persone.*

36. (1) Niemand mag sonder 'n besoekerspermit kragtens regulasie 22 uitgereik, 'n lokasie tydelik betree of daarin wees of bly nie, tensy—

(*a*) hy andersins by hierdie regulasies toegelaat word om in die lokasie te wees; of

(*b*) die omskrywing van 'n besoeker nie op hom van toepassing is nie;

(2) Enigiemand wat in stryd met subregulasie (1) in 'n lokasie aangetref word, kan deur die superintendent aangesê word om die lokasie binne 'n gespesifiseerde tydperk te verlaat en enigiemand wat sodanige bevel verontagsaam, word beskou as iemand wat wederregtelik in die lokasie vertoef en kan op staande voet deur die superintendent uitgesit word.

(3) Die drywer van enige voertuig, wat die lokasie wil binnegaan, moet sodanige voertuig by die ingang daarvan tot stilstand bring ten einde enigiemand in sodanige voertuig in staat te stel om aansoek te doen om die nodige toestemming om die lokasie te betree.

*Tarief van huur en vorderings.*

37. Enigiemand wat ingevolge hierdie regulasies vir enige gelde of vorderings aanspreeklik is, moet maandeliks sodanige bedrag by die kantoor van die superintendent vooruitbetaal ooreenkomstig die tarief in Bylae VII van hierdie regulasies vervat.

*Huurgeld en vorderings.*

38. Enigiemand wat ingevolge hierdie regulasies vir die betaling van enige bedrag aanspreeklik is, moet, tensy anders bepaal, binne een-en-twintig dae van die datum waarop dit verskuldig en betaalbaar is, sodanige bedrag betaal.

*Uitsetting weens wanbetaling.*

39. (1) Ondanks enige stappe kragtens regulasie 38 gedoen, kan enigiemand wat versuim om enige bedrag waarvoor hy ingevolge hierdie regulasies aanspreeklik is te betaal binne een-en-twintig dae van die datum waarop sodanige bedrag verskuldig en betaalbaar is, deur die superintendent aangesê word om tesame met alle ander persone wat deur of onder hom daar vertoef sonder versuim uit die lokasie te trek. Enigiemand wat versuim om aan sodanige bevel te voldoen, word beskou as wederregtelik in die lokasie te vertoef en kan deur die superintendent op staande voet uit die lokasie gesit word.

(2) Enigiemand wat in die lokasie vertoef deur of onder enigiemand wat ingevolge die bepalings van subregulasie (1) aangesê is om uit die lokasie te trek, word by versuim van die persoon wat aldus aangesê is om daaraan te voldoen, beskou as wederregtelik in die lokasie te vertoef en kan deur die superintendent op staande voet uitgesit word.

(3) Any order issued by the superintendent in terms of sub-regulation (1) shall have the effect of cancelling any site permit or residential permit or certificate held by the person against whom such order is made.

(4) If any registered occupier—

(a) is ejected in terms of the provisions of sub-regulation (1); or

(b) leaves his site or dwelling and is absent therefrom for sixty days or more without the permission of the superintendent; or

(c) leaves the location pursuant to an order by the superintendent in terms of the provisions of sub-regulation (1); or

(d) abandons his site or dwelling for a period of sixty days or more; the superintendent may—

(i) sell by public auction any improvements or property left by such registered occupier on the site or in the dwelling, and, after deducting any sums owing by such registered occupier to the Council and any expenses incurred in connection with or incidental to such sale, shall pay the balance (if any) of the proceeds of sale to such registered occupier, or, if his whereabouts cannot be ascertained, to the Native Commissioner: Provided that the superintendent shall give at least fourteen days' notice, in writing, of his intention to exercise this right by serving such notice—

(aa) on the occupier (if any) of such site or dwelling;

(bb) on such registered owner if his whereabouts is known to the superintendent; and

(cc) by affixing a copy thereof to the main door of the principal building on such site:

Provided further that, if for any reason it is not possible to serve such notice in terms of sub-paragraph(s) (aa) and/or (bb), service in accordance with sub-paragraph (cc) shall be deemed sufficient;

(ii) if there be no improvements or property left by such registered occupier on the site, deal with such site or dwelling as if it had never been allotted to such registered occupier.

(5) For the purpose of this regulation the following definitions shall apply:—

" Abandon " includes—

(a) the omission to take and retain personal charge of any site or dwelling allotted to him; and

(b) the omission to build on any site held under a site permit within 12 months from the coming into operation of these regulations;

" build " means the completion to the satisfaction of the superintendent of a dwelling in accordance with approved plans.

*Dogs and Other Animals.*

40. (1) Nobody shall keep or introduce any dog or other animal in the location without the written permission of the superintendent: Provided that no such permission will be given in respect of a horse, cow, mule or donkey unless the superintendent is convinced that suitable stable facilities are provided for such animals.

(2) Any cattle, sheep, goat, horse, mule or donkey found in the location, and in respect of which no written permission has been granted in terms of sub-regulation (1) may be impounded by the superintendent or any authorized employee of the Council and be treated in the same manner as other animals impounded in terms of the pound laws.

(3) Enige bevel wat kragtens subregulasie (1) deur die superintendent uitgereik is, trek enige terreinpermit of woonpermit of sertifikaat in wat gehou word deur die persoon teen wie sodanige bevel uitgereik is.

(4) Indien enige geregistreerde bewoner—

(a) kragtens die bepalings van subregulasie (1) uitgesit word; of

(b) sonder die toestemming van die superintendent sy terrein of woning verlaat en vir sestig dae of langer daarvan afwesig is; of

(c) ooreenkomstig 'n bevel van die superintendent kragtens die bepalings van subregulasie (1) die lokasie verlaat; of

(d) sy terrein of woning vir 'n tydperk van sestig dae of langer opgee;

kan die superintendent—

(i) enige verbeterings of eiendom wat deur sodanige geregistreerde bewoner op die terrein of in die woning gelaat is, per openbare veiling verkoop, en moet hy na aftrekking van enige bedrae wat deur sodanige geregistreerde bewoner aan die Raad verskuldig is, en enige koste wat in verband met sodanige verkoping aangegaan is of daarby behoort, die saldo (as daar is) van die opbrings van sodanige verkoping aan sodanige geregistreerde bewoner betaal, of, indien sy verblyfplek nie vasgestel kan word nie, aan die Naturellekommissaris: Met dien verstande dat die superintendent minstens 14 dae skriftelik van sy bedoeling om hierdie reg uit te oefen, kennis moet gee deur sodanige kennisgewing te besorg—

(aa) aan die bewoner (as daar is) van sodanige terrein of woning;

(bb) aan sodanige geregistreerde bewoner indien sy verblyfplek aan die superintendent bekend is; en

(cc) deur 'n afskrif daarvan aan die voordeur van die hoofgebou op sodanige terrein te heg:

Voorts met dien verstande dat, indien dit nie moontlik is om sodanige kennisgewing kragtens subparagrawe (aa) en/of (bb) te besorg nie, besorging ooreenkomstig subparagraaf (cc) voldoende geag word;

(ii) indien daar geen verbeterings of eiendom deur sodanige geregistreerde bewoner op die terrein gelaat is nie, met sodanige terrein of woning handel asof dit nooit aan sodanige geregistreerde bewoner toegewys was nie.

(5) Vir die toepassing van hierdie regulasie is die volgende omskrywings van toepassing:—

„ opgee " omvat—

(a) versuim om persoonlike toesig oor enige terrein of woning wat aan hom toegewys is, uit te oefen en te hou; en

(b) versuim om op enige terrein wat ingevolge 'n terreinpermit gehou word, binne 12 maande van die inwerkingtreding van hierdie regulasies te bou;

„ bou " beteken die voltooiing, tot voldoening van die superintendent, van 'n woning ooreenkomstig die goedgekeurde planne.

*Honde en ander diere.*

40. (1) Niemand mag, uitgesonderd met die skriftelike toestemming van die superintendent, enige hond of ander dier in die lokasie aanhou of daarin bring nie: Met dien verstande dat geen sodanige toestemming ten opsigte van 'n perd, koei, muil of donkie verleen word nie, tensy die superintendent daarvan oortuig is dat toereikende stalgeriewe vir enige sodanige diere verskaf is.

(2) Enige bees, skaap, bok, perd, muil of donkie wat in die lokasie aangetref word en ten opsigte waarvan die superintendent nie ingevolge subregulasie (1) skriftelike toestemming verleen het nie, kan deur die superintendent of gemagtigde werknemer van die Raad geskut word en met sodanige diere word daarna gehandel op dieselfde wyse as met enige ander diere wat ooreenkomstig die skutwette geskut word.

(3) In respect of each and every person to whom written permission has been granted to keep animals or dogs in the location, in terms of sub-regulation (1), a fee specified in Schedule VII of these regulations shall be paid in advance to the Council.

Any moneys so collected shall be paid to the Native Revenue Account.

## CHAPTER III.

### HOSTELS.

*Duties of the Hostel Superintendent.*

41. The hostel superintendent shall—

(1) when required to do so by the Council or the manager, submit written reports on the conditions and management of the hostel. Such reports shall be available for inspection by an officer appointed under sub-section (3) of section *twenty-two* of the Act;

(2) cause copies of these regulations in English, Afrikaans and in the Native language most commonly used in the hostel to be placed and maintained in a conspicuous place on a public notice board at his office for the information of the residents;

(3) allot to each bed in the hostel a number and cause such number to be legibly painted or otherwise inscribed or affixed in a conspicuous place at the head of such bed;

(4) cause all floors, passages, stairways, ablution blocks, conveniences and pathways to be kept in a clean and hygienic condition;

(5) keep a register of all the residents in which—

(*a*) the name;
(*b*) the National Identity number;
(*c*) the name of the employer;

of each such resident shall be entered;

(6) immediately any defect in any bed comes to his notice, make a record of such defect in a register to be kept by him for the purpose;

(7) reside at a place approved by the Council;

(8) at all times and for all purposes of these regulations be under the supervision and control of the manager.

*Medical Attendance.*

42. (1) The Council shall not be responsible for providing any medical attendance or treatment for any resident, but may through the medical officer of health either—

(*a*) provide medical attendance and/or treatment at the hostel; or

(*b*) if the said medical officer of health considers it advisable for the better care of such resident or for the safety and good health of the other residents, remove or cause such resident to be removed from the hostel.

(2) The Council shall be entitled to recover from a resident who shall be liable to pay the Council for, the expenses of any such medical attendance, treatment and removal referred to in paragraphs (*a*) and (*b*) of sub-regulation (1).

(3) Nothing in this regulation shall be deemed to affect the operation of any regulations framed under the Workmen's Compensation Act, 1941.

*Terms and Conditions of Accommodation.*

43. Accommodation in the hostel shall be subject to the following terms and conditions:—

(1) Every resident shall pay in advance to the hostel superintendent at his office the charges for accommodation as laid down in Schedule VII of the regulations.

(2) No resident shall for gain dispose of or transfer his right to a bed.

(3) No resident shall occupy any bed other than that allotted to him by the hostel superintendent without the written consent of such superintendent.

(3) Ten opsigte van iedereen aan wie skriftelike toestemming ingevolge subregulasie (1) verleen is om diere of honde in die lokasie aan te hou moet 'n bedrag in Bylae VII van hierdie regulasies gespesifiseer, aan die Raad vooruitbepaal word.

Enige gelde so ge-in word in die Naturelle-inkomste-rekening gestort.

## HOOFSTUK III.

### TEHUISE.

*Pligte van die tehuissuperintendent.*

41. Die tehuissuperintendent moet—

(1) wanneer die Raad of die bestuurder daartoe aangesê, skriftelike verslae oor die toestande en bestuur van die tehuis indien. Sodanige verslae moet beskikbaar gestel word ter insae van 'n amptenaar ingevolge subartikel (3) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet aangestel;

(2) afskrifte van hierdie regulasies in Afrikaans, Engels en die Naturelletaal wat meestal in die tehuis gebesig word, op 'n opvallende plek op 'n openbare aanplakbord by sy kantoor vir die inligting van die inwoners laat plaas en hou;

(3) aan iedere bed in die tehuis 'n nommer toewys en sodanige nommer op 'n opvallende plek aan die koppenent van sodanige bed leesbaar laat verf of andersins laat graveer of laat heg;

(4) alle vloere, gange, trappe, wasafdelings, geriewe en paadjies in 'n skoon en higieniese toestand laat hou;

(5) 'n register van alle inwoners hou, waarin—

(*a*) die naam;
(*b*) die nasionale identiteitsnommer;
(*c*) die naam van die werkgewer,

van iedere sodanige inwoner aangeteken moet word;

(6) wanneer enige fout aan enige bed onder sy aandag kom, onmiddellik in 'n register wat vir dié doel deur hom gehou moet word, 'n rekord opstel van sodanige fout;

(7) op 'n plek woon wat deur die Raad goedgekeur is;

(8) te alle tye en vir die toepassing van al hierdie regulasies onder die toesig en beheer van die bestuurder wees.

*Geneeskundige versorging.*

42. (1) Die Raad is nie aanspreeklik vir enige geneeskundige versorging of behandeling van enige inwoner nie, maar kan deur die geneeskundige gesondheidsbeampte òf—

(*a*) geneeskundige versorging en/of behandeling by die tehuis verskaf; òf

(*b*) indien genoemde geneeskundige gesondheidsbeampte dit vir die beter versorging van sodanige inwoner of vir die veiligheid en goeie gesondheid van die inwoners nodig ag, sodanige inwoner uit die tehuis verwyder of laat verwyder.

(2) Die Raad is geregtig om die koste van enige sodanige geneeskundige versorging, behandeling en verwydering in paragrawe (*a*) en (*b*) van subregulasie (1) vermeld, op 'n inwoner te verhaal, en 'n inwoner is aanspreeklik om die Raad daarvoor te betaal.

(3) Geen bepaling in hierdie regulasie vervat, word geag die toepassing van enige regulasies opgestel ingevolge die Ongevallewet, 1941, te raak nie.

*Voorwaardes van huisvesting.*

43. Huisvesting in die tehuis is aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(1) Iedere inwoner moet aan die tehuissuperintendent by sy kantoor die vorderings vir huisvesting soos in Bylae VII van die regulasies bepaal vooruitbetaal.

(2) Geen inwoner mag sy reg op 'n bed teen wins afstaan of oordra nie.

(3) Geen inwoner mag sonder die skriftelike toestemming van sodanige superintendent enige ander bed okkupeer as dié wat deur die tehuissuperintendent aan hom toegewys is nie.

(4) No part refund of any amount paid under sub-regulation (1) may be made in respect of nights not slept in the hostel.

(5) A resident shall be personally responsible for any wilful damage to his bed.

(6) The residents in a room shall be responsible jointly and severally for any loss or damage wilfully caused by them to any furniture, equipment or fittings, the property of the Council, in such room.

(7) Residents shall at all times maintain cleanliness of person, clothing and other effects and shall keep their rooms, the communal dining-room, ablution, washing and sanitation facilities in a clean and tidy condition.

(8) The medical officer of health may, whenever he considers it necessary or whenever he is requested thereto by the manager, examine or cause to be examined by another medical practitioner any Native applying for accommodation or any resident.

(9) No person suffering from any disease or sickness which, in the opinion of the medical officer of health, would be likely to endanger the health of the residents, shall be permitted to enter or to be accommodated in the hostel.

(10) The medical officer of health may, whenever he considers it necessary, cause the fumigation and disinfection of the hostel or any quarters therein or any portion thereof and the disinfection of any Native and his clothing and other effects prior to his admission to, or at any time while he is accommodated in the hostel.

(11) No fire shall be made by any person in any bedroom without the consent of the hostel superintendent.

(12) No food shall be prepared or cooked by any person in any bedroom.

(13) All meals shall be consumed in the dining-room set aside for this purpose: Provided that a resident will be allowed to remove from the dining-room such food as he may desire to take to work for himself.

(14) Residents shall not remove from the dining-room any equipment or utensils belonging to the Council.

(15) Eating utensils, cutlery and the like shall not be washed in ablution blocks, but shall be cleaned in the properly appointed washing places provided in the dining-room.

(16) Clothing shall only be washed in the communal washhouse provided for that purpose.

(17) No person shall bring or introduce or cause to be brought or introduced into the hostel any animal or any noisome or offensive thing.

(18) The lights of the hostel will be switched off at ten o'clock in the evening.

(19) Though every effort will be made to safeguard the property of residents against loss by theft the Council and its officials shall not be held liable for any such loss.

(20) Should any resident after due warning by the superintendent or his authorised assistant persist in contravening or ignoring the terms and conditions of residence in the hostel as set out in the preceding sub-regulations, the superintendent may serve written notice on such resident ordering him to vacate the hostel within 24 hours or at the expiry of such period as he might have paid for in advance, whichever is the shorter period, and any resident who fails to obey such order shall be deemed to be sojourning there unlawfully and may be summarily ejected by the superintendent.

(4) Geen gedeeltelike terugbetaling van enige bedrag wat ingevolge subregulasie (1) betaal is, mag ten opsigte van nagte wat nie in die tehuis geslaap is nie, plaasvind nie.

(5) 'n Inwoner is persoonlik vir enige moedswillige skade aan sy bed aanspreeklik.

(6) Die inwoners in 'n kamer is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir enige verlies of skade wat moedswillig deur hulle in sodanige kamer veroorsaak is aan enige meubels, toerusting of toebehore, wat die eiendom van die Raad is.

(7) Inwoners moet te alle tye sindelikheid van persoon, kleding en ander eiendom handhaaf en moet hulle kamers, die gemeenskaplike eetsaal, reinigings-, klerewas- en sanitêre fasiliteite in 'n skoon en netjiese toestand hou.

(8) Die geneeskundige gesondheidsbeampte kan, wanneer hy dit ook al nodig ag, of wanneer hy ook al deur die bestuurder daartoe aangesê word, enige Naturel wat om huisvesting aansoek doen of enige inwoner ondersoek of deur 'n ander geneesheer laat ondersoek.

(9) Niemand wat ly aan 'n siekte of kwaal wat, na die mening van die geneeskundige gesondheidsbeampte, moontlik die gesondheid van die inwoners in gevaar kan stel, mag toegelaat word om die tehuis te betree of om daarin gehuisves te word nie.

(10) Die geneeskundige gesondheidsbeampte kan, wanneer hy dit ook al nodig ag, die tehuis of enige kwartiere daarin of enige gedeelte daarvan laat uitrook en ontsmet en enige Naturel en sy klerasie en ander eiendom voor sy toelating tot, of te eniger tyd terwyl hy gehuisves word in die tehuis, laat ontsmet.

(11) Geen vuur mag deur enigiemand sonder die toestemming van die tehuissuperintendent in enige slaapkamer gemaak word nie.

(12) Geen voedsel mag deur enigiemand in enige slaapkamer berei of gekook word nie.

(13) Alle maaltye moet in die eetsaal wat vir dié doel opsy gesit is, genuttig word: Met dien verstande dat 'n inwoner toegelaat word om sodanige voedsel as wat hy vir homself werk toe wil neem, uit die eetsaal te verwyder.

(14) Inwoners mag nie enige uitrusting of gerei wat aan die Raad behoort uit die eetsaal verwyder nie.

(15) Eetgerei, tafelgereedskap en wat dies meer sy mag nie in wasafdelings gewas word nie, maar moet in die behoorlik ingerigte wasplekke wat in die eetsaal verskaf word, skoongemaak word.

(16) Klerasie moet slegs gewas word in die gemeenskaplike washuis wat vir die doel verskaf word.

(17) Niemand mag enige dier of enigiets wat walglik of aanstootlik is in die tehuis bring of plaas of laat bring of plaas nie.

(18) Die ligte van die tehuis word saans om 10-uur afgeskakel.

(19) Hoewel alle pogings aangewend sal word om die eiendom van inwoners teen verlies weens diefstal te beveilig, word die Raad en sy amptenare nie vir enige sodanige verlies aanspreeklik gehou nie.

(20) Indien enige inwoner na behoorlike waarskuwing deur die superintendent of sy gevolmagtigde assistent aanhou om die voorwaardes van inwoning in die tehuis, soos in die voorafgaande subregulasie uiteengesit, te oortree of te verontagsaam, kan die superintendent 'n skriftelike kennisgewing aan sodanige inwoner rig, waarin hy gelas word om die tehuis binne 24 uur te verlaat, of by die verval van sodanige tydperk as waarvoor hy vooruit betaal het, watter tydperk ook al die kortste is, en enige inwoner wat versuim om aan sodanige bevel gehoor te gee, word geag wederregtelik daar te vertoef, en kan op staande voet deur die superintendent uitgesit word.

*Application for Accommodation.*

44. (1) Any male Native over the apparent age of 18 years desirous of being accommodated in the hostel shall personally apply to the hostel superintendent for accommodation, and the hostel superintendent, on being satisfied that accommodation is available and that the applicant—

(*a*) is a fit and proper person to reside in the hostel;

(*b*) is not a person upon whom restrictions have been placed in terms of section *five* of the Suppression of Communism Act, 1950;

(*c*) is in bone fide employment in the proclaimed area or is carrying on some lawful occupation therein;

(*d*) is lawfully permitted to enter, be and remain in the proclaimed area;

(*e*) agrees to be medically examined; and

(*f*) understands, accepts and undertakes to abide by the terms and conditions of accommodation in the hostel as laid down in regulation 43;

shall, subject to the provisions of sub-regulation (9) of regulation 43, collect from the applicant the amount payable in terms of sub-regulation (1) of regulation 43, allocate to him a bed in the hostel, and issue to him a hostel permit entitling him to accommodation in the hostel for such period as he shall have paid for.

(2) Whenever a bed has been allocated to an applicant in terms of these regulations he shall satisfy himself that such bed is in good order and condition, and if he shall find any defect he shall forthwith bring the same to the notice of the hostel superintendent.

*Absence from Hostel.*

45. (1) Should a resident absent himself from the hostel or fail to occupy the bed allocated to him therein for a period of seven consecutive days without advising the hostel superintendent of his intention to so absent himself or not to occupy the said bed, the hostel superintendent shall have the right to reallocate such bed.

(2) Any property of a resident found in the quarters formerly occupied by him shall be kept by the hostel superintendent in a safe place and if unclaimed within a period of 90 days from the date of re-allocation of such resident's bed under the provisions of sub-regulation (1) shall be sold to best advantage by the hostel superintendent who shall, after deducting the amount of any charges due and any expenses incurred, pay the nett proceeds into the Native Revenue Account: Provided that, subject to the laws governing the administration and distribution of Native estates, nothing in this sub-regulation contained shall deprive the heir of any deceased resident of his right to the balance of the proceeds of such property.

(3) The hostel superintendent shall maintain a register in which he shall record—

(*a*) full particulars of all property kept in terms of this regulation;

(*b*) the date of removal of such property in terms of sub-regulation (2) and the name and bed number of the owner thereof;

(*c*) (i) the signature or left-thumb print of the person claiming ownership and to whom delivery has been made; or

(ii) full details of the amount realised on the sale of such property and the date of such sale;

(*d*) if the property is destroyed, a certificate that it was valueless.

*Right of Entrance.*

46. (1) Subject to the provisions of these regulations, no person shall enter, be or remain in the hostel without a hostel permit or other written consent of the hostel superintendent or some person authorised thereto by him.

*Aansoek om huisvesting.*

44. (1) Enige manlike Naturel oor die skynbare ouderdom van 18 jaar wat verlang om in die tehuis gehuisves te word, moet persoonlik by die tehuissuperintendent om huisvesting aansoek doen en die tehuissuperintendent moet, indien hy daarvan oortuig is dat huisvesting beskikbaar is en dat die applikant—

(*a*) 'n allesins gewenste persoon is om in die tehuis te woon;

(*b*) nie iemand is aan wie beperkings kragtens artikel *vyf* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950, opgelê is nie;

(*c*) *bona fide* in die geproklameerde gebied werksaam is of een of ander wettige beroep daarin beoefen;

(*d*) wettig toegelaat word om die geproklameerde gebied te betree en daarin te wees en te bly;

(*e*) instem om geneeskundig ondersoek te word; en

(*f*) die voorwaardes van huisvesting in die tehuis soos bepaal in regulasie 43 verstaan, aanvaar en onderneem om daarin te berus;

onderworpe aan die bepalings van subregulasie (9) van regulasie 43 die bedrag betaalbaar kragtens subregulasie (1) van regulasie 43 van die applikant invorder, 'n bed in die tehuis aan hom toewys en 'n tehuispermit aan hom uitreik wat die reg op huisvesting in die tehuis aan hom gee vir sodanige tydperk as waarvoor hy betaal het.

(2) Wanneer 'n bed kragtens hierdie regulasies aan 'n applikant toegewys is, moet hy hom daarvan oortuig dat sodanige bed in goeie orde en toestand is, en indien hy enige tekortkoming ontdek, moet hy dit sonder verwyl onder die aandag van van die tehuissuperintendent bring.

*Afwesigheid van tehuis.*

45. (1) Indien 'n inwoner van die tehuis afwesig is of nie van sy bed, wat in die tehuis aan hom toegewys is, gebruik maak nie vir 'n tydperk van sewe agtereenvolgende dae sonder om die tehuissuperintendent in kennis te stel van sy voorneme om aldus afwesig te wees en nie genoemde bed te gebruik nie, het die tehuissuperintendent die reg om die bed aan iemand anders toe te wys.

(2) Enige eiendom van 'n inwoner wat aangetref word in die kwartiere wat voorheen deur hom bewoon is, word deur die tehuissuperintendent in 'n veilige plek gehou en indien dit onopgeëis is binne 'n tydperk van negentig dae van die datum waarop sodanige inwoner se bed ingevolge die bepalings van subregulasie (1) aan iemand anders toegewys is, moet dit so voordelig moontlik verkoop word deur die tehuissuperintendent wat, nadat hy die bedrag van enige vorderings verskuldig of enige uitgawes aangegaan, afgetrek het, die netto opbrengs op die Naturelle-inkomsterekening moet inbetaal: Met dien verstande dat onderworpe aan die wette van toepassing op die administrasie en verdeling van Naturelleboedels, geen bepaling in hierdie subregulasies vervat die erfgenaam van enige afgestorwe inwoner die reg op die saldo van die opbrengste van sodanige eiendom ontneem nie.

(3) Die tehuissuperintendent moet 'n register hou waarin hy—

(*a*) volledige besonderhede van alle eiendom kragtens hierdie regulasies gehou;

(*b*) die datum van verwydering van sodanige eiendom kragtens subregulasie (2) en die naam en bednommer van die eienaar daarvan;

(*c*) (i) die handtekening of linkerduimafdruk van die persoon wat op besit daarvan aanspraak maak en aan wie dit oorhandig is; of

(ii) volledige besonderhede van die bedrag wat by die verkoping van sodanige eiendom behaal is, en die datum van sodanige verkoping,

(*d*) indien die eiendom vernietig word, 'n sertifikaat dat dit waardeloos was,

moet aanteken.

*Toegangsreg.*

46. (1) Onderworpe aan die bepalings van hierdie regulasies mag niemand 'n tehuis betree of daarin wees of bly nie sonder 'n tehuispermit of ander skriftelike toestemming van die tehuissuperintendent of een of ander persoon wat deur hom daartoe gemagtig is.

(2) (*a*) No female person shall enter the hostel without the written permission of the hostel superintendent or some person duly authorised thereto by him having been first had and obtained.

(*b*) No female Native shall sleep in the hostel or be accommodated therein.

*Recovery of Charges.*

47. If any resident fails to pay any sum for which he is liable under these regulations, the hostel superintendent may cancel his hostel permit and in such event the hostel superintendent shall serve written notice on such resident to leave the hostel within twenty-four hours of the service of such notice.

*Stoves for Caterers.*

48. (1) For the purpose of this regulation "stove" includes an electric or gas-fired hot-plate as well as a coal stove.

(2) The hostel superintendent may, in his discretion, let the use of one or more of the stoves in the hostel to one or more Native males for the purpose of preparing food for sale to the residents in the hostel.

(3) The letting and hiring of any stove under the provisions of sub-regulation (2) shall be subject to sub-regulation (4) and the following terms and conditions which shall be deemed to have been accepted by the hirer and to be binding on him:—

(*a*) The hirer shall pay to the hostel superintendent daily in advance the sum of 50c for each stove let to him;

(*b*) in the case of coal-burning stoves, the fire will be made and kept going each day by servants of the Council under the instructions of the hostel superintendent. All fuel will be supplied by the Council without charge, but the Council shall not be responsible for any insufficiency of fuel which may occur at any time: Provided that if such insufficiency is caused by circumstances beyond its control or through the acts or omissions of its employees it may allow the hirer such rebate on the daily hiring charge as it may deem reasonable;

(*c*) the hirer shall not sell or give or cause to be sold or given any food prepared on any stove hired by him under sub-regulation (2) to any person who is not lawfully accommodated in the hostel;

(*d*) the hirer shall be personally in attendance at the hostel between sunrise and sunset on each day that a stove is hired by him and shall personally supervise the preparation and sale of the foodstuffs in which he trades;

(*e*) nothing in these conditions contained shall prevent the hirer from selling bread which is not baked in any stove hired by him under sub-regulation (2);

(*f*) nothing in these conditions shall absolve the hirer from obtaining any licence, permit or other permission prescribed by law in respect of his business;

(*g*) the hostel superintendent may refuse to let any stove to any person who—

(i) is in his opinion not a fit and proper person to be in the hostel; or

(ii) is not lawfully permitted to enter, be or remain in the proclaimed area, in terms of sub-section (1) of section *ten* of the Act; or

(iii) is required to obtain any permission under section *twelve* of the Act and has no such permission; or

(iv) is suspected by the hostel superintendent of suffering from or being a carrier of any infectious or contagious disease; or

(v) has been convicted more than once within a period of two years immediately preceding the date of his application of any offence specified

(2) (*a*) Geen vroulike persoon mag die tehuis betree sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die tehuissuperintendent of een of ander persoon wat behoorlik deur hom daartoe gemagtig is nie.

(*b*) Geen vroulike Naturel mag in die tehuis slaap of daarin gehuisves word nie.

*Verhaal van vorderings.*

47. Indien enige inwoner versuim om enige bedrag waarvoor hy ingevolge hierdie regulasies aanspreeklik is, te betaal, kan die tehuissuperintendent sy tehuispermit intrek en in sodanige geval moet die tehuissuperintendent 'n skriftelike kennisgewing aan sodanige inwoner stuur om die tehuis binne vier-en-twintig uur van die stuur van sodanige kennisgewing te verlaat.

*Stowe vir lewerànsiers.*

48. (1) Vir die toepassing van hierdie regulasie omvat „stoof" 'n elektriese of gaskookplaat en sluit ook 'n koolstoof in.

(2) Die tehuissuperintendent kan na goeddunke die gebruik van een of meer stowe in die tehuis aan een of meer Naturellemans verhuur vir die doel om eetware vir verkoop aan die inwoners in die tehuis, te berei.

(3) Die verhuur en huur van enige stoof ingevolge die bepalings van subregulasie (2) is aan subregulasie (4) onderworpe en aan die volgende bepalings en voorwaardes wat beskou moet word as aangeneem te wees deur die huurder en hom te bind:—

(*a*) Die huurder moet vir elke stoof wat aan hom verhuur word daagliks aan die tehuissuperintendent die bedrag van 50c vooruitbetaal;

(*b*) in geval van koolstowe, moet die vuur iedere dag deur bediendes van die Raad in opdrag van die tehuissuperintendent gemaak en aan die gang gehou word. Alle brandstof word kosteloos deur die Raad verskaf, maar die Raad is nie aanspreeklik vir enige tekort aan brandstof wat te eniger tyd kan ontstaan nie: Met dien verstande dat indien sodanige tekort veroorsaak word deur omstandighede buite sy beheer of deur die doen of late van sy werknemers, hy die huurder sodanige korting op die daaglikse huurvordering kan toelaat as wat hy redelik ag;

(*c*) die huurder mag nie enige voedsel wat berei is op enige stoof wat ingevolge subregulasie (2) deur hom gehuur word, aan enigiemand wat nie wettig in die tehuis gehuisves word, verkoop of gee of laat verkoop of gee nie;

(*d*) die huurder moet persoonlik by die tehuis aanwesig wees tussen sonop en sononder op elke dag wat 'n stoof deur hom gehuur word, en moet persoonlik toesig hou oor die bereiding en verkoop van die eetware waarin hy handeldryf.

(*e*) geen bepaling in hierdie voorwaardes vervat verhinder 'n huurder om brood te verkoop wat nie gebak is in enige stoof wat ingevolge subregulasie (2) deur hom gehuur word nie;

(*f*) geen bepaling in hierdie voorwaardes vervat skeld die huurder kwyt van die verpligting om enige lisensie, permit of ander toestemming wat ten opsigte van sy besigheid by wet voorgeskryf word, te verkry nie;

(*g*) die tehuissuperintendent kan weier om enige stoof te verhuur aan enigiemand wat—

(i) na sy mening nie 'n allesins gewenste persoon is om in die tehuis te wees nie; of

(ii) kragtens subartikel (1) van artikel *tien* van die Wet nie wettig toegelaat word om die geproklameerde gebied te betree of daarin te wees of te bly nie; of

(iii) ingevolge artikel *twaalf* van die Wet enige toestemming moet verkry en geen sodanige toestemming het nie;

(iv) van wie die tehuissuperintendent vermoed dat hy aan enige aansteeklike of besmetlike siekte ly of 'n draer daarvan is; of

(v) meer as een keer binne 'n tydperk van twee jaar onmiddellik voor die datum van sy aansoek skuldig bevind is aan enige oortreding

in the First Schedule of the Criminal Procedure Act, 1955, or of any offence under any law relating to the illicit possession, conveyance or supply of intoxicating liquor as defined in the Liquor Act, 1928, or habit-forming drugs, or kaffir beer, or yeast in any form, or malt in any form.

(4) The hostel superintendent may cancel the letting of any stove at any time during the day if—

(*a*) the hirer fails to provide and maintain suitable means for protecting from contamination by dust, dirt, flies or other cause all articles of food or drink in which he trades, whether in course of prepartion or exposed for sale or stored; or

(*b*) the hirer fails to maintain the culinary utensils, containers, cloths, furniture, fixtures and other articles used in connection with the business in a clean and sanitary condition and in good repair; or

(*c*) the hirer fails to maintain his person and clothing clean; or

(*d*) the hirer provides, sells, supplies or exposes for sale unwholesome food or drink; or

(*e*) the hirer behaves in an unseemly, rowdy, quarrelsome or intemperate manner; or

(*f*) the hirer conducts himself in such a manner, either in his personal habits or his business dealings with the residents of the hostel, as is likely to cause dissatisfaction among them or cause them to act contrary to law; or

(*g*) the hirer incurs any of the disabilities which would have entitled the hostel superintendent to refuse to let any stove to him under the provisions of paragraph (*g*) of sub-regulation (3):

